

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

DIE VLOEDBOS

SAL WEER **VLIËG**

carina stander

die vloedbos sal weer vlieg

is nie voorheen gedeeltelik of as geheel voorgelê
vir die toekenning van enige graad nie. Dit is my eie werk.
Enige merkwaardige bydrae tot hierdie tesis is erken.

Signed by candidate

CARINA STANDER

07-09-2005

Omslagfoto: Henk Venter

"die belofte"

03-05-2003

Grafiese uitleg: Theresa Nigrini

CARINA STANDER

STNCAR011

SE TESIS

DIE VLOEDBOS SAL WEER Vlieg

**WORD VOORGELEË VIR DIE
MEESTERSGRAAD
(KREATIEWE SKRYFWERK)**

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

2005

STUDIELEIER: PROF. JOAN HAMBIDGE

HIERDIE TESIS IN KREATIEWE SKRYFWERK IS 'N ONDERSOEK NA DIE LANDSKAP VAN MY VERSE IN *DIE VLOEDBOS SAL WEER Vlieg*.

TOEPASSING VIND PLAAS TEEN DIE AGTERGROND VAN 'N TEMATIESE INDELING VAN DIE TEKS. HAROLD BLOOM SE BENADERING IN *A MAP OF MISREADING* WORD GEVOLG TER BEVESTIGING VAN DIGTERLIKE IDENTITEIT. MY MOTIVERING TOT DIE SKRYF VAN POËSIE WORD VOORTS GEANALISEER AAN DIE HAND VAN PAUL RICOEUR SE TEORIE VAN NARRATIEWE HOOP, "PASSION FOR THE POSSIBLE" EN RAINER MARIA RILKE SE INSIGTE IN *LETTERS TO A YOUNG POET*. OOK WORD DIE INVLOED VAN LETTERKUNDE, VISUELE KUNS EN DIE GENESENDE WAARDE VAN DIE VERHAALVERS BESPREEK.

DIE STUDIE GESKIED BINNE DIE MITOLOGIESE EN PSIGOANALITIESE RAAMWERK WAT ONDER MEER GESKEP IS DEUR ROLAND BARTES IN *MYTHOLOGIES*, CLARISSA PINKOLA ESTÉS IN *WOMEN WHO RUN WITH WOLVES* EN SIGMUND FREUD SE ANALISE VAN *DER TODESTRIEB*. DIE LEKSIKON VAN A.D. DE VRIES EN J.E. CIRLOT WORD DEURGAANS VERSKAF.

INHOUD

1. GEDIGTE

OESJAAR

waar jy ook al is

windsweef oor die Waterberg

1984

Oesjaar

vrygeborene

waar lewe is, daar is water

Erflating: I

Erflating: II

die herfs sluip op haar tone nader

voor-beeld

Vlugte voëls

verse

Credo: I

Credo: II

KARKASKAAL

halflyf

vrugloos

karkaskaal

Mensmessias

blougrond

Vyf odes aan die onbekende meisie wat vyf jaar gelede verkrag is

i: beëlsbul

ii: vuurtong

iii: soms is die nag 'n rondloperleeu

iv: waterdoop

v: daardie nag sal die vuurvlieg 'n bosbrand wees

Kruis

EWENAAR

Gevleueid

Jy is meer as die musiek

jy ken die paadjies na my plek

poeiersand

TWEESPOOR

i: Boord

ii: Purperrooi

iii: Smul

iv: Ewenaar

v: Dak

vi: 'n Houtkapper wat bome plant

vii: Watervalkloof

viii: Voorlaaste maand

ix: Deesdae

NAMIB

i: Stof

ii: klei

iii: Oerklip

iv: turksvy

ontskulp

'n man het vir die see vertel

toe het die vrou haar man beken

die warm bergwind van jou naam

die slaapbroek

die herfshuis

GROEIKRAG

Boompad

tweeling

Stamboom

die klippe val boontoe

spoor: 'n inisiasie

kliktaalmense

Groen vingers

spruit

groeikrag
gloeikrag
As Jy weer hierlangs kom
Nomvula, Nomvula, kom speel met My
Van kindsbeen af
Dromslag
Vuur
ware Liefde langs die Wildekus
in die nag het ek Jou naam geroep
Moya ungwele

2. VERTAKKINGS

3. NAWOORD TOT DIE POËSIE

4. TEMATIESE INDELING VAN GEDIGTE

- 4.1 Oesjaar: die verklaring van identiteit
- 4.2 Karkaskaal: van slagting tot genesing
- 4.3 Ewenaar: die geliefde as reisgenoot
- 4.4 Groeikrag: die spel tussen natuur en bonatuur

5. DIGTERLIKE INVLOEDE

- 5.1 Die invloed van letterkunde
- 5.2 Die invloed van visuele kuns

6. VERSTEGNIESE BENADERING

7. SAMEVATTING

8. BIBLIOGRAFIE

OESJAAR

University of Cape Town

**vir my ouers
sarel francois & truki stander**

waar jy ook al is

waar jy ook al is
loop jy uit in die nag;
die maroelaboom se blare skarrel
soos eekhoringvoete
oor 'n swarteëldakhuis

jy voel die haastige asemhaling
van voëls of takke
wat prewelend waak

bougainvilleablomme herhaal
die kleur van die mure;
die sandkleur in die leiklipvloer;
die bergklip se vleesbruin eggo
in 'n sonsondergang
wat ruik na mangobloeisels
in 'n boord van beloftes

by die dompelpomp staan jy stil:
die aalwynblom vlam geler as ooit
die eekhorings roep dié tyd van die jaar
bronsdig na mekaar;
'n rooirugjakkals kruip
agter die skaapkraal uit;
rooivinke swiep-swiep onrustig
in tuitneste bo die Mokolorivier

die nag hang 'n spikkelkleed
om haar skouers,
die bul se horings word 'n sekelmaan,
'n botterklapper val buite jou kamervenster
soos sterre uit 'n droom,
die mamba streep in 'n komeet
uit die nyalaboom

jy tel 'n halwe eierdop op

in hierdie grond is jy begrawe
en keer jy telkens terug
soos 'n hond na 'n been

híér het jy die blindwit
aartsengel gesien
en wolke soos geboortevlekke
en vlinders in 'n boord in Augustus

die stokgogga by die groen sifdeur
se vlerk vou oop soos 'n gedig

**jy klim terug in jou bed:
die week-oue kuiken
slaap donsgeel in jou nek,
sy oë is nagswart papajapitte
in 'n son van vere**

**skielik onthou jy 'n verskriklike seisoen
van onheil en hoop en herkoms**

University of Cape Town

windsweef oor die Waterberg

stofblou skemeroggend

**die voëls reeds klokkies
tussen takke**

**maar in die park oorkant die pad
skreeu die visarend daglank
soos 'n beseerde kind;
tollend teen die sifdraad vas**

onthou hy ook die Waterberg

**windsweef oor 'n vol rivier
waar kurpers tussen lelies gaap
wat lenig op sponsstingels dryf**

**windfladder deur die middagreen:
biesieswaels skater deur pylpuntriete
tot by die berghang
waar die papierboom woon –**

**roomgroen takke
skilfer in oranje vlokke
wapperend soos vlerke
die onderbas broos ontbloot**

**windsirkel bo die nag:
nêrens elders is die keep 'n kloofnes
in die skedel van die berg
skuil ystervark met skrefiesoë
en oorskulpies soos 'n kind;
vleipadda skril met trillende keel
en die eggo van die arend
wat klip met klip laat praat**

**later windstil in die park,
half-rou en wrewelig van wag
maar in die donkerte die nag
weerkaats sy oë
die boomgomkleur**

1984

droogte is stil chaos

**snags as die beeste hees bulk
dowwe oë wat lek
aan 'n krip wat kraak
van tong-teen-verhemelte-dors**

al wat blink is die sterre daarbo

**met melktyd, as die dag
breek, stap die boer
weer na die kraal -
vir elke dier wat stywebeen
dubbel-dubbelloop
word die .22 oorgehaal**

**later, langs die slingerfoon
gryp hy na los halms gras:
pleit vir weiding by die bure
paai die skuldeisers wat ure
bloedhond op sy spoor**

**in die kleipot op die stoep
is die drinkwater 'n spieël,
weerkaats 'n boomskelet
'n bokkraalvlieg**

en soms 'n riffelson

**die kind skep en sy drink en dink
aan boorgat en fontein
aan onderaardse knolsap,
groen geheime van die grond**

**sy drink haar dik en sy stap uit
in 'n stofbruin tuin
- maroela, klapper, kanniedood
ook die blomlose hibiskus
en die laaste kaaltakstruik
sprinkel-sprinkel sy
met kleipotwater uit haar hand**

stam vir stam word groengebid

**met die reëns van '85
stort sy voor die agterstoep -
die hemel word 'n krip wat kraak
wat blinknat deur die bliksems lek**

**blitse lig skiet weer en weer
uit gloeiblou kole vuur**

die boer maak 'n span stoetosse
uit die klamste miershoopklei,
hul doringhorings swaai wild rond
soos hul in die voerkraal wei

een môre, tien jaar later, bieg hy:
"ek het gisteraand gedroom ek stap
soos lank gelede deur my kraal -
roep Bruintjie, Bontrok, Wildemis
elke verskalf op haar naam"

daardie jaar word 'n bulkaalfie gebore
in geil bloubuffelgras
tussen rypgeelste maroelas
op sy ses-en-sestigste verjaarsdag

aan ontbyttafel dank hy
en skink 'n tweede glas -
verras hoe wit en skuim die melk
soos 'n mooiweerswolk

"Al wat hierdie plaas nou kort is 'n heuningby"

University of Cape Town

OESJAAR

Heuphoog
in 'n roesmoes van mangokis
sorteer Ma:
syber, sensasion, zil.
Veertien variëteite, toegepak.
Gevrolik in 'n blombloese
staan sy by haar 38°C
sinkafdak.

Kratte laat Pa se werwels
kraak. Sy linkerheup
word tam en stram.

Maar kort na
sweet en skemer
hoor ons hulle bos-in
stap. Pa se byl
kap-kap-kap
'n krismistak
vir ons drie kinders
wat die aand verwonderd
opkyk
na waar versiersels
soos vrugte
hang.

"Liewe Jesus" dink die kind
"ontpit die mangovrug,
ontvesel die pit
hierdie ganse oesjaar
vir Pa en Ma."

vrygeborene

**in die namiddag as die son soos heuning sypel
loop hulle hand-om-die-lyf deur die veld**

**waar Pa sedert hy sestien is boer,
papajas en piesangs uit die lug uit hark
terwyl die boord hoog swanger staan
met huiwerende handgebaar
stamel en vertel hy ook van sy geboorte:
die nagwind wat die huis oopvlek
die plafon wat oor die aarde vlieg
die takke rafelend van wind
die melkweg wat gesigte trek**

**op watter dag in die Waterberg
het die veldmuis met die fyn-aar ore
sy graskleur pels vir Ma gewys
as voorteken dat, in haar veertigste jaar,
sy swanger sal word en 'n dogter sal baar
met omkruitone en 'n insuiglip?**

**die oggend voor my geboorte
het Ma in 'n sonkol gesit
en verlaas 'n skinkbord uit rottang gevleg
voordat sy die amberlig verlaat
en die vleiloeries en paradysvoëls
wat menssku in November paar**

**self kon ek die loeries nie afluister;
selfs deur gekwetter en gefluister
het ek stokdoof aanhou slaap
met Pa en Ma wat huilend bid
dat Groot Genade oor my reën**

**bedags het 'n wolk wit vlamme gewaai
en saans as die Bybel by kerslig blaai
had papier die beloofde klank en tekstuur
van vierkmierswerms na 'n vloed**

**een windskoon nag het die Fluistering
sonder waarskuwing my besoek
- klankwarm Asem in my oor -
sodat ek kon hoor, kon hoor
hoe die rypste sygras dons
hoor die eekhoring se stert uitpof
hoor muskiete tros in riete
en 'n vink rinkink in klinkende taal**

op die singende geboortegrond

waar lewe is, daar is water

1995 word Pa 59

hy maak vure in die wind;
die sonopkleur van mango's knars in sy kieste
en hy het wolke in die oë:
waar lewe is, daar is water

ek giet my eerste bronsbeelde
om Pa die see te wys
en die bulkende branders van sy wittebrood;
die vakansiedroom is 'n speenkalf
wat aan my vingers suig:
waar lewe is, daar is water

die brood is gebotter met bloedsweet
die vuur skaterlag nie meer nie
en die bul se horings is gesaag;
die vrugte op die bergkruin
word geoes deur stormreëns:
waar lewe is, daar is water

soos 'n man 'n rivierloop volg
en 'n see bereik
so het Pa in die diepkant beland;
elke keer het hy terug gedryf
met 'n silwer vis in die mond
en hand:
waar lewe is, daar is water

Pa moes deur vele droogtes swem
met bloedgrond
onder die naels;
die vis wat treur se trane
word tog nooit gesien nie:
waar lewe is, daar is water

ek sal my pa weer see toe neem
as sy tande wit kalwers
en sy tong 'n rooi stoetbul is;
die wind sal deur sy lippe fluit
en die trop sal vreedzaam nader wei
aan die kamp waar die koei gemelk word
terwyl sy lê en slaap:
waar lewe is, daar is water

ERFLATING: I

Stiefouma was 'n oujongnoot
wat orrel speel en kerkkoor sing;
by oupa Koot, die wewenaar,
erf sy dié orrelpypie string:

drie seunskinders met driekwartbroek
wat skiet vir vleis en soggens melk;
drie dogters wat kouse stop
en smiddae botter karring

'n Paar dekades later
met al die kuikens uit die huis,
het Stiefouma steeds lank en slank
bo oupa Koot gerank

Een somersnag van sterre,
toe jakkalsbessiestruik wit ruik
en die kremetart se handgroot vrug
lanterns swaai-swaai deur die lug,
het Ouma soos 'n sekelblom
- in pienk en wit, in malse soet -
die Waterberge in gewaai

In laatdaglig kon sy die krul
van 'n koedoehoring tel;
'n vlakvarkbeer het teen haar voet
gesnuif na wortel en na knol;
aan die visarend se vlug geraai
is 'n uilskuiken gevang;
en duskant die Mokolorivier
kon sy die huiwerende spoor
van 'n luiperdwelpie lees

Op die berg het sy 'n Man gesien
wat suutjies nader kom:
'n stormwind in Sy duifgrys hare;
die melkweg 'n vlieswolk
om Sy sandkleur skouers;
duideliker as somerreën
was Hy die één fynsinnige besoeker
wat vingers soos vuurvlieë
laat tintel oor haar hand

Toe Hy haar oë wakker soen,
het sy die Oggendster sien brand

ERFLATING: II

Een somersnag van sterre
het Ouma soos 'n oop-oog mot
die Waterberge in verdwyn

Nagte lank is sy gesoek
met lanterns en geroep

Toe hulle die kransduif kry
het sy 'n vreemde taal gepraat...
Die mense het gedink sy is
ontwater van sonsteek of moeg,
maar niemand kon verstaan
waarom sy skielik glimlag
asof 'n blink verrassing
agter hulle skouers wag

Maande later het sy reeds
'n pak papiere vol geskryf,
wat Ma geduldig en nuuskierig
ontsyfer het by die kerslig:
geen taalpatrone was herkenbaar,
geen woord of klank of sinstruktuur
in Tswana, Duits of Afrikaans...

Die kraaie het haar naam gegil,
die kinders op die plaas was stil,
die staddokter het dit ontrafel
en haar in haas daar weggestuur

Terwyl die mense fluister
dat haar brein al witter skuim
- komplete nes 'n gesoute slak -
het Stiefouma saggies gesing:
*O Vreugd mijn vindend zelfs in pijn,
Mijn hart vergeet het niet...*

Selfs nadat sy onthoof is
tussen vensterlose mure,
deur skokpulse en kurkdroë ure
het haar briewe in 'n hemeltaal
die kamer vol gefladder -
papierwit engele wat swerm
deur 'n stormwind

Kort voor my geboorte
het Stiefouma gesterf,
van haar het ek die liedereboek
en 'n naam geërf

die herfs sluij op haar tone nader

die herfs sluij
op haar tone nader -
ek hoor haar
oor die skemervlei

met my eie oë
het ek gesien
hoe sy deur
die weiveld beur -
twee luiperdwelpies
in haar arms
en die doringbloeiselsgeur
diepgeel waiend
om haar hals

University of Cape Town

voor-beeld

ek lek die lug
soos 'n wolvin
om jou reuk te kry
waar jy drie uur in die môre
bid-bid
oor jou boorde vlieg

(Mutti klein
grondboontjiebruin
in die dopskulp
van jou vlerk)

krap ek teen die plaashek, Pa
wagtend op jou lag
wat laksman uit die struik verjaag
en boender uit die gras

Pa met die snawel soos 'n valk
van wie ek op Oujaarsdag
die voor-beeld sien
van gebreekte vlerke:
oopgesaag van buik tot bors
soos 'n Kersfees-eend

maar dan, hoe jy weer berg-op gaan
met wydgestrekte arms
- jou vlerkspan om die plaas -
skreeuend soos 'n engel
oor die vrou sonder tong
oor die kind se gekapte kloutjies
oor elke prooi van die skarlaken jagter
wat in dorings
winddroog
in die lug

ek lek die lug
soos 'n wolvin
waar jy jou sagte krag
uitskreeu

my trane brand jou wonde skoon -
ek skrop jou toe in hierdie vers

VLUGTE VOËLS

Die eerste vrugte is gepluk.

Bo die plaashuis
teen die dwaalberg
hoor ons gerugte
van duiwels
of lermoenduiwe
wat met kaneelbruin kele
'n sagte *koeë-koeë* roep.

Ma sê vlugte voëls volg Pa:
vinkswarms in geel en rooi,
bosluisvoëls soos spikkels wit
wat op die rûe van koeie
met uitpeuloë sit,
'n wildegans wat hoorbaar sluk
en styg uit die groen long
van die rivier.

Dit is reeds donker hier
as 'n gansveer vreedzaam
stroom-af dryf.

Soggens oes Ma soetvrugte
en skryf:
"tussen gewond en gesond
is net een letter verskil."

Sy vermoed
die beweging van engele
in haar bloeiende boord.

verse

met waterstewels wandel Pa
deur die murg en been van sy grond

roerend soos die fluitlied van 'n herder
is die paadjies wat swenk
deur afgeleë boorde
waar 'n boer en boerin gesels met hande
en luister hoe 'n trop nat sterte swaai
op dae van sappige stingels
staan die weiding heuwelhoog
en die melkkoei (nou reeds horing-oud)
lui haar klok uitbundig
wanneer 'n nagaap
bolmakiesie deur die lug

maar drie uur in die môre lui die beesklok in my stadshuis,
vasgesweis aan die ploegstoel wat ek vir Pa gemaak het;
met wyd-oop oë hoor ek hoe my geliefde kreun
onder die vuiste van drie inbrekers:
nou spuit sy long 'n bloedige trompet
nou fluit die keep op sy kop soos 'n kloof
nou groei daar dorings op die beesvel van ons drom
sonder musiek met oral die bulkende vrees vir bedreiging
sodat ek wil vlug na die plaas van my geheue
waar die kraal douklam is en asemwarm in die oggend

hier sal ons weer melkkanne dra,
die klossiegras sal my onthou,
my geliefde sal terugkeer na die soetdoringboom
wat bros gom drup uit haar stam;
die nagapies sal weer amber suig
en die boerin sal biddend boorde snoei
met die beeste stertswaaiend in bloubuffelgras

Pa sal sy stewels skoonskop teen 'n paal
en weer die ruigtes na die kraal
oopfluit: *nader my God by U steeds naderby*
tot aan die einde van alle vrees
waar ons ons boerse liefdes benoem:
Pa, sy verskalwers
en ek, my verse

CREDO: I

Kyk, ek kom met niks
net woorde;
nie eers my eie woorde nie
ou ewig annekserende imperialis

Padlangs kom ek
op die drinkwaterpad
van olifanttroppe
Ngunikrygers, Voortrekkervroue
Vlaamse dames
en hier en daar 'n *mademoiselle*

So loop ek in die tongval van my volk;
weer eens, nie my taal nie
- slegs geërf, gedêps, geleen -
moet ons dit dan teruggee?

Die noorde nog vars geteel op my tong,
praat ek van *sjongolôlos*
na die reën;
borsluise so groot soos *gromboontjies*
en rooierp *waartlemoene*
kraak vlesig oop in my mond
op 'n warm Bosvelddag

Praat ek soos *mmakgolo* en *rakgolo*
My ma wat blokkiesraaisels stook
Pa wat stories smeer op brood
makietie ek in ma-taal
plagieer ek in pa-taal
lettergreep-vergryp my aan die klank
van my eieman se vleitaal:

"Reëntjierank, my Skaterlag, ek smag, ek smag na jou!
Afrika is in ons stem
'n blinkswart oompie, singende blind
teen die ligblouwarm lug"

CREDO: II

Dit breek in my van woorde, Wilma Stockenström

daarom kom ek met 'n Woord
saadstortend soos 'n man
lek eierwit die ink
bietjies-bietjies uit my moer
oor my baarmoermense
bar en dors na reënletters
soos na moedersmelk:

alle taalonderwysers, geredigeer tot klasregisters en gisters,
geradbraakte skrifgeleerdes van 'n gramskapgod,
politici met afgekapte hande wat nie kan braille,
gebreinspoelde kafferhaters in blokletters,
hulende slagters wat op 'n mepunt wik en weeg,
die vismotvrou wat saans leer lees
in hawens van gehawendheid,
die dowe koster wat klokslag om die uur
wakker oor sy kudde waak,
alle tonglose profete - besielde leraars van sinne beroof -
ontmaagde kleuters aan die hondeketting van ek-kan-nog-nie-sê,
alle slette met vraagtekenlywe wat hare deur Sy tone vleg,
hul nardusolie 'n gapende wond wat oor Hom etter Hom eerlik
Hom eer

Kyk, ek ry op 'n disleksiese donkie,
in my hand 'n Woord, 'n swaard:
ek skryf om *heel* te skryf
want my hele wese weersin geweld

KARKASKAAL

University of Cape Town

**vir die onbekende meisie
wat verkrag is**

karkaskaal

**iemand het 'n vuishou
in die maan geslaan:**

**voel hoe byna broos
die stofgeel uit die kraters sif**

**tot op die bed
waar sy vannag
(met osbloedrooi parfuum
agter haar vlegsels
en 'n harnas voor haar hart)**

**'n jagter
karkaskaal
inwag**

University of Cape Town

Mensmessias

Jy wil Jouself
soos 'n berg
oor haar laat skadu
(solied en gesond)

Jou hande die wolkkolom
wat dierpatrone maak
en vlieg-vlieg oor haar grond

Jy wil haar Mensmessias wees:
die een wat Horn offer
vir haar keelseer en kneusvel

maar snags volg sy die spoor
na die strik
waar haar slagting
na rou biltong ruik;
waar sy reep vir reep
soos lokaas
van laas seisoen se jagters

hang

University of Cape Town

blougrond

*Ek sal vir elkeen 'n spierwit klippie gee
met 'n nuwe naam daarop gegraveer
wat niemand anders ken nie,
net die een wat dit kry.
Openbaring 2:17*

**sy dink daar is diamant
versteek in jou kontrei**

**snags onder haar koplilig
as die aardkors oor die mantel skuif
slyp sy aan troupande,
blinkerstof tot stof
tussen haar tande**

hier waar sy mynermoeg langs jou lê

**droom sy soms jy is aanlegbaas
van 'n spogplaas, Welgemoed
waar geel seisoene gloei
in 'n stervrugboom,
waar kuikens soos lanterns vlam
in 'n onwaarskynlike kombuis**

**maar sy kraak vir 'n man sonder gesig
sy delf na 'n droom sonder naam**

**een doodgewone Donderdag
sypellig die tonnelgang
staan Hy witklip in die hand
Sy skouers 'n geploegde land**

**staan Hy teen 'n mynmuur
met edelsteen versier:
helderklip en spoelsteen
ook die slenterdiamant**

***o skelblink rots en son van God,
hoekom sweet Jy dan so rooi?
en waarom skroei my skagdelf-oë
gate deur Jou lyf?***

**VYF ODES AAN DIE ONBEKENDE MEISIE
WAT VYF JAAR GELEDE VERKRAG IS**

beëisebul

die roofvlieë het gekom

geruislose
rookkleur vlerke

steeksnuite
en oë wat peul
uit hol koppe
wat tuur
deur dakke van hutte
deur vensters en deure

die larwes lê gifswart
in fyn nagklere

sodat net jou swye vertel
hoe die spitslyf
van 'n roofvlieg
brandsteek
deur jou vrugtevel

University of Cape Town

vuurtong

**weke later
skrik jy daaglik wakker:
bloed in jou baarmoeder
bloed op jou brein
pimpelpers gebrandmerk
onder die lawa
van sy vuurspuwende
tong**

University of Cape Town

soms is die nag 'n rondloperleeu

soms is die nag 'n rondloperleeu

**met dagbreek besoek ons mekaar
en sien: die struikgewas
is wreed vertrap
en oral waar maanhaar was
is die kreupelbos
ontbas**

**buite die stat
knars jy angstig
en saggies op jou tande**

***dis offerbloed! roep jou woedende broers
kom ons plant 'n kraaltjie om ons suster -
'n naboorkraal met wit vreetsap
wat ons panga kap-kap-kap
as die plunderaar weer kom***

***wraak bring wraak
vermaan jou vaders
'n leeu wat leeu vreet
word nooit vet nie***

***tula, tula tyd genees
troos jou huilende moeders
as 'n sweer toegroei
verdwyn die vlieë***

**só stry jou mense
heeldag lank**

**maar ver van die vuur
staan jy jongvrou en rou
- die sterre 'n swerm
roofvlieë in die lug -
jy wag vir lig
en verligting
vir die maan om die nag
se donker nek te breek**

**nader, nader klink die brul:
jy wat vir die maan wag,
wag vir donkerte**

waterdoop

Hy wil jou neem
waar Hy vandaan kom

waar die riete jonk is
en die dae langbeen
soos 'n waterbok
spitsken snuif-snuif
in die wind

een vroegsomermiddag
wil Hy deur die kloofstroom stap
- Sy sagte spoor 'n hunkering
na die binnewaterkring
waar jy jare reeds probeer
om jou vrese te besweer

voel-voel self
sal Hy gesels
dié water is vars
en louwarm soos melk

Hy sal fynsand uit die bodem skep
en vra of Hy jou vel mag skuur,
oor jou voetbrug en jou rug
sal Sy vingers strelend proe
soos aan 'n vrugtevlies

'n naaldekokerpaar
sal met blou gaasvlerke
skielik opskrik uit die stroom

ook jy sal opstaan
en tintelend stap
na die waterplek
wat Hy bewoon

skemeraand sal jy
op die grysbruin rug
van 'n waterbok ry
met sekelhorings
wat sierlik
om jou boog

jy sal kop omhoog
en vry
al dieper die rivier in gly -
jou oë sagbruin en blink
soos 'n somerkalfie
wat haar watervrees
verdrink

daardie nag sal die vuurvlieg 'n bosbrand wees

daardie nag sal die vuurvlieg
'n bosbrand wees
in die stat waar hulle jou inwag:

jou oumas wat winkend vooroor leun
op kieries gekerf uit kreupelhout,
jou moeders borsvoedend op rietmatte,
jou swanger tantes met kleintjies op die rug,
jou susters in helder heuprokke sal ween
en lag en roep en skree:
die stofstrate is blink gevee
want kyk, hier kom die leeujaagter -
ons ken haar aan haar spore

die vrouens braai die knol en blare
van jong *marogô* en *kassawe*
in pasgekookte vlakvarkvet;
die ritme van die omroerpap
sal ook in hul voete sit;
bolywe wieg heen en weer
terwyl hul met klaptonge sing:
die stofstrate is blink gevee,
die volmaan giet haar melk -
ook sý volg die leeuvinger
soos 'n skaduwee

jou vaders sal die babernet
uit die biesieruigtes trek;
jou broeders sal varswater skep
waar vuurvlieë flikkerend
in sirkels bo die vleiland paar

skielik soos die nag sal jy
onder wuiwende biesieblaar
jou tuisstat binnery -
die riete skerp soos spiese,
die pluime 'n vaal maanhaarkleur

links en regs sal mense skree:
die stofstrate is blink gevee,
die vuurvlieg slaan nou aan die brand
en sy wat na die leeu toe stap
dra vanaand 'n vlammeende tak

KRUIS

Die dag toe jy wou dros
het jy skeermeslem-in-die-hand
'n kruis oor Sy gesig getrek:
Hom gemerk
van haarlyn tot ken
van oor tot oor
gekyk hoe die lem
Sy retina dissekteer;
die vlesigheid van Sy mond
die kurwe van Sy neus ontmens.

Jy het het gedog Hy gaan jou fire,
finaal voor 'n vuurpeloton
laat kniel
oor jy, droster van die drosters,
koppige penkop,
jousef oor en oor
verloor
as Sy vyand.

"Net dogtertjies dog"
het Hy gesê
toe Sy hand oor Sy verminkte gesig gly
en 'n wysvinger oor jou verf:

drie bloedstrepies op elke wang
twee op die ken
een tussen die oë

en Hy jou
- die vlekrooi ontmaskerde -
oorlog toe stuur
om Sy oorwinning
met wyn te vier.

EWENAAR

University of Cape Town

**vir gerrit
my reismaat & man**

Gevleued

Afstand is 'n roofvoël, sê jy
en skuur jou stoppelbaard teen my.

Lag en huil sit albei
vlak-vlak in ons oog en keel.

Jy sê: huil is vir die voëls,
voëls het nie hoogtevrees nie.

Ons dwarrel vliesvlerkig
deur die bome, in die wind
na plekke waar ons water drink -
'n albatros en engelkind.

Wie benodig vlerke
om free spirited te vlieg?

Dank aan die lugredery!

(Daar's x-straalfoto's van jou arms
in die reistas aan my sy.)

University of Cape Town

Jy is meer as die musiek

**Jy is meer as die musiek
wat uit hoë neste reën.**

**Jou mond herhaal die lyne
van 'n voël in vlug.**

**Jy laat 'n stippelspoor van vlerke
oor my voorkop, teen die lug.**

University of Cape Town

Jy ken die paadjies na my plek

jy ken die paadjies na my plek
- die stofpad wat in somers
na mango en maroela ruik,
later slangstreep deur die rietbos
waar swartkinders vislyn span
en pie
waar ek kurperkind
in die rondte tol,
glad en heel en vry in jou hande
soos in my droom
oor God

jy ken die paadjies na my plek

- die harde teerpad
wat stippeltreë
tot op die drumpel gee
waar ek jou inwag
met trendy stadsdinge
en jou lawe met lawwe gelag

jy ken die paadjies na my plek

- jou hande proe-proe aan my mond,
skuins na die tunnel van my oor,
af, af na my halslyn
waar jy oë toeknyp
en vra ek moet jou vashou
tot jy soos 'n seuntjie slaap

jy ken die paadjies na my plek

- die houttrappe wat slangsleepsels maak
deur die Tuin van Eden, duskant Plet,
waar die water na Coca Cola lyk
en ek teen jou skouer snik
oor jy ook soos die boomsaad ruik

jy ken die paadjies na my plek
té goed om te verdwaal,
en aan die voetstap voor my hek
weet ek jy kom my haal

poelersand
Zimbabwe

toe loop ek
oor ou spore

onthou 'n oomblik
'n knieg-teen-knieg kuier
agterop 'n blikskedonk;
klipperpad
en kinders met omlope
wat blinkoog toekyk
hoe jou woorde
deur my vleg
soos takke
om 'n bokkekraal

toe loop ek
oor ou spore

die padstal
waar jy my
gehalssnoer het
is weg;
die rastaman
ryg steeds bloukrale
in koperdraad
op straat;
die kinders is blind
van bedel
en broos -
kameelperdjies
met seepsteenkekies

vyf vroue vleg
bobbejaantoutjies
soos 'n bokkraal
om my kop

- jou woorde het langsaam
ingesink

die Zambezi is nie
in volle vloed;
die seekoeibul
kruip weg in sy kuil
en die krok speel
sy's 'n klip

ek sny spoor
in die sytak
van 'n droë loop

TWEESPOOR

i: Boord

Die neuteboord was boordensvol

louwarm dag, liggeel
soos tee.

Die vieruurson het vuurpatrone
teen 'n halfkaalboom gebrand

toe jy my soos 'n woltrui
teenaan jou lyf laat pas.

University of Cape Town

ii: Purpemooi

**As die jongvrou met die druifparsvoete
soggens deur die wingerd loop
krul wynstoktakies deur haar tone;
soos siersandale rank 'n loot
teen haar kuit, verby haar soom.**

**As die jongvrou met die tweelingtrossies
saans die vuur so helder skink
begin die fynproewer te dans
en pittighede strooi en drink
op sy wilde purpemooi
wat rooi rinkink op Mont duToit.**

University of Cape Town

iii: Smul

Hoogsomer, La Stellata,
skink ons *luna* in 'n glas.

Met volmaan stoom
die warmbron
soos 'n oop kastrol -
dit ruik na vrugte
of moeras
in Senpromiano.
Ons roer heuphoog
in die stroom.

Deur die *grottoes* van Han-sur-Lesse
grom 'n rivier soos 'n honger maag:

pluk ons aarbeie in Norfolk,
eet jy kersies uit my hand in Holt,
zagte *nougat* op die Groenplaats,
camembert, Côté d'Or.

By Buttermere hou ons stil
vir haselneut *torté*;
breek *zonnebloemenbroodjies*
in die waterstad;
wurg grilrou haring af in Urk,
ganseiers in 'n park.

Ek proe al meer aan die onthou:
Blaise Hamlet had 'n appelboom
in die middeltuin.
Jou lippe had die vrolikheid
van kersierooi llikeur
of wyn.

iv: Ewenaar

Na 'n jaar
balanseer ek myself
op die ewenaar.

Akrobaties tree ek
die stippellyn

Kyk suid
en koes vir die son
in my oë
soos 'n burger van Calais.
Dalk bid ek soms
of huil - my wange
nat papawers
van Pitigliano
oor jy laggend was
in La Roch;
'n wakker, spits-oor vos
wat draf deur Waresleywoud.

Kyk noord:
twaalf maande wag soos dissipels
op 'n koers om in te slaan.
So ver soos die noorde
van die suide is,
soos die son verwyder is
van die maan.

As ons oor 'n jaar moet groet
gaan die kaarte in jou kop
verstrengel en koek
soos die boomwortels
by Seringhampark?

Gaan ek jok en sê
ek weet instinktief
watter vurkpad
om te vat?

Daardie dag as die ewenaar
soos 'n grenslyn
voor ons lê:
word die melkweg
dan 'n doodloopstraat
of is dit op ons pad?

v: Dak

Verby bouvallige geboue,
spitsdakke met dakkamers,
blomme op balkonne
en die(s)meer
wou ek vanaf die dakke skree:
solank as die bakker in die skottel boks
solank die sigarmaker kersiekringe blaas
solank die spinner spin
en die boogskutter bogpraat,
só lank gaan ek met my reismaat mee!

University of Cape Town

vi: 'n Houtkapper wat bome plant

**Ek reis met 'n houtkapper
wat bome plant**

**'n Manheid met neutbruin skouers:
koel soos die rivierwind van Matale
geheimvol soos mopanie
'n dapper kremetart
met sonverligte vrugte**

**Ek reis met 'n houtkapper
deur 'n wurgvywoud
waar 'n stofpad vurk
soos 'n luislangtong**

Ons stop en laai die byle af

**Ons kap en kap die kronkelslang
wat opwurg teen die boom se stam**

University of Cape Town

vii: Watervalkloof
Kaapstad

water flikker soos dit val

uit die ingewande
van die berg
klim ons
oor swartwortels
soos skaamhare
en opdrifselfs van winterreën

kompos, varings, mos

spinneweb teen die gesig
beur ons
deur 'n muur van rots
en lek
uit klein ronde kolkholtes
die koperbruin water

singend
soos 'n wildevlir

University of Cape Town

viii: Voorlaaste maand

Die *mekôrô* het twee-twee
suid vertrek. Net ek
en die Tswana bly op Makwena,
eiland van die krokodil.

Die seekoeibul
het soos 'n werfhond
naglank om die hut gesnuif -
neusholtes nat en pers getuit
soos waterlelies in die aand.

Donkernag het worsboompeule
tussen kaak en kaak gekraak.
'n Blouapie wat kwellend roep
wanneer die swaar lyf snorkend
deur papiusriete beur.

Vanaf die piesangblaarplafon
het 'n wasige muskietnet
soos 'n bruidsluier gehang.
In die taaiwarm ure
toe die lantern silhoeëtte teken
teen rietmure
het ek my kaallyf uitgestrek
en jou gesig verbeel:
jou wenkbroue
twee sekelmaantjies
rustig bo jou oë.

Voor jou geboorte kon jy glo
soos 'n *sjongolôlo* kriel
net voordat dit reën.
Tóé reeds is gefluister
dat jy lewenslank sou luister
hoe bome verkleur
en vuurhout huil;
hoe jy aan die wind sou sien
waar nagvlinders en bosbokke
in boomvarings skuil.

Vroegdag, toe die ou rivierperd
sugtend wegsak in sy kuil,
en ek die Okovangoson
oor my naakte rug voel streep
het ek geweet, oor grense heen:
jy is vlees van my vlees
en been van my been.

ix: Deesdae

**Nou skryf ek middagversies op jou voorarm:
*jou hare ruik na neute en loutwarm son.***

**Die kurk-eike se stamme is ene krokodilvel;
die omgevalle denneboom lyk soos 'n *makôró*.
Ons eet steeds skaapkaas
en in die maanlig skink ons wyn.**

**Deesdae wil ek saggies vanaf die dakke sing:
*ek is lief om te slaap
op jou skouersening.***

University of Cape Town

NAMIB

i: Stof

Stofwolke lek
met sandbruin tonge
oor die geelgrys gras

Spiesbok se bloed
word warm in sy are -
hy staan op 'n hoogte

die son is kras

waar dameradikdik
en sy maat
spitsgesig hyg
onder 'n struik

Jakkals drafstap
na die soutpan,
grou in 'n stroom
vir eiers of graat

By Okeukeudo
ruik ons reën
al is daar geen
wolke nie

Jy soen my
soos 'n fluitjiesriet,
ek dans toe-oog
terwyl jy my
soos 'n rietfluitjie
bespeel

In die skielike ritme
van die sebra se hoewe
weerklink die ver-af
swaarweer
soos die digby
klop-klop-klop
van jou hart
onder my kop

Laatnag
los die jagluiperd
sy blomspoor
in 'n modderpoel

Dit donder bo Etosha -
die plek van droë water

ii: klei

miershoop bult
uit die veld

byna soos klei
in die kindvrou
se hande
wat hompe grond
grof breek
spoeg, vorm
in haar palms

toddat die klank
van nat grond
soos 'n tong
teen 'n verhemelte
klap

- klam -

sy skep 'n bok
met spieshorings
wat op 'n hoogte wag
dat die reën weer
kom

University of Cape Town

III: Oerklip

**Dennewoud slaap soos 'n klip
onder die loom woestyn se hand**

**haar jaarringe kring om en om
soos geitjiesleepsels in die sand**

**Dennewoud dra die merk
van jeugdigheid en ouderdom:**

**sandstorms en rivierbeddings,
uit Kongo het die den gekom**

**na 'n land waar geelmens sittend
volstruis grafeer teen 'n rotswand**

**ook die voetspoor van 'n spiesbok,
die vlerkklap van 'n pienk flamink**

**die lam prooi in 'n leeu se bek
'n olifant, kleiner as 'n rob**

**Kalahariwind bring sand,
sand versteen en word weer klip**

**met holtes, ruheid, raaisels -
klip van stof en watervlek**

**'n Wond van waterwoede
keep deur haar erosielyf**

**ook lagplooie en kurwes
waar die wind haar warm vryf**

**Brokkelberg is weggevreet
tot rooi gestorte rots**

**maar woestynblom strooi haar broospienk saad
vir vierhonderd en tagtig jaar**

**'n Slympadda loer skalks
van onder uit die aardtrogpoel**

**na waar die oorhang-rots se kaak
soos 'n oerdierskedel gaap**

**Sien, ek pak jou vuurstene
binne-in my buikspelonk:**

**onder jou hande se singende warmte
groeï songebakte dennesaad**

iv: turksvy

in bonkige ou Brandberg
waar geelmens eens deur sterre vlug,
leun 'n wakende White Lady
teen 'n donkergrys rots se rug

jare lank is hier niks meer
as die stil gebaar van haar heupe,
die blinde staar van haar borste,
haar buik 'n songedroogte turksvy

geen foondraad deur die sterre
geen grothuis en geen boom;
net klipstapels wat hier en daar
skielik opduik uit die niet
soos die eggo van 'n droom
of 'n voetval, veraf gesprek
tussen vroeëre reisigers

skielik klink die skaterlag
van springbökkies
deur die graspolveld,
wippend oor 'n klipplaat
volg 'n speelse kuttelspoor

by Kamanjab hou jy stil -
jou klere ruik na middagson
of varswater uit 'n boorgat;
jy lag saam met die skudsade
van die kameeldoringboom
met wortels diep en swaar vervleg
in die onderwaterstroom

híér slaan ons die seiltent op
só wil ek jou inneem
met 'n baard vol sonbesies
en geelvinke
wat om jou skouers
kwetter

terwyl jy die ryprooi turksvy
uit my mond uit eet

ontskulp

Mosambiek heuningmaan - 2003

op Benguerra eiland het ek
in 'n oesterskulp getrap -
die keep streep
soos 'n kiespleet
oor die kurwe van my voet

nege vroue oes mandjies
vol oesters vir ontbyt,
stapel skulpe
op die weggooiwerf
van hul stapelkos

daardie nag
wou ek jou na my binneriwwe neem
dat jou seesterhande my vertroos;
jou asem soutig seewind
oor my borste blaas;
af-af na die bodem
waar die engelvis die kalkdop breek
wou ek jou die eerste maak
wat my ontskulp;
my oorgee
aan die vloeiende gawe
van jou gaaf gevormde
helende lende

University of Cape Town

'n man het vir die see vertel

die man en sy vrou het die bed bewoon
en hy het vir vir see vertel:

“daar was 'n dag
toe die gevlerkte skulp
oopwaaier in pers en rooi –
so skielik sag, ek was verstom
toe weefsel sel vir sel uitswel
en kliertjies vog soos wasem
teen die riffelrande kom

naderhand was daar geen vrees
en kon ek selfs die binneritmes
van haar skede lees:
versteek agter die seewier
was 'n skaam gesiggiester
en die vreemde raaisellag
van 'n draakkopkauri

in die nanag het sy weer gevra
dat ek dié verhaal vertel

'n veerster het in die dieprif verskiet
en sy het geswem onder my vel.”

toe het die vrou haar man beken

**toe het die vrou haar man beken
en sy het vir die see gesing:**

**"my klein trompetskulp van die oggendhawe
my harpskulp in die middaggloed van 'n kelpwoud
jy gly soos 'n purperslak oor my hand**

**waar is die duiwelvis se stekelbaard
of die horingrog wat woedend waak
as die skuite uit die hawe gly?
waar die kraken wat boontoe dryf
om te sterwe of vir wraak?**

**dié seemonsters ken my nie
en ek sing net oor wie my beken:**

**ek het self die geheime stervis gesien
wat snags aan alge wei –
blindelings, sonder oë
met honderde gevoelige voete
suutjies deur die diepsee swenk."**

University of Cape Town

**die warm bergwind van jou naam
Tsitsikamma**

**die warm bergwind van jou naam
weergalm deur die kuswoud
van die suide**

**terwyl die hartseer plantasie
in die vallei
oumansbaarde snoei,
waai jy deur 'n knoesterige
witmelkhout se boskasie**

**jy laat die vrugte oor my reën
in persswart spatsels;
jy streel die kalender se skilferbas
en voer die vlermuis geel vrugte
uit die hoogste takke**

**soms is jy oral. en hier
deurwarrel jy my soos 'n man.
jy leun teen 'n bostaaibos
se vrattestam. jy kyk my aan.
die are op jou arms
beur soos wortels uit die grond.
jou skelet beweeg in die wind
soos die wit vlegstam van 'n vier.
my wange word die kleur
van kletterklippe
langs 'n onbekende kus -
lilla of vuilpienk
soos die oë van 'n grotvis**

**nogtans pluk jy vir my
fyn room blomme in die winter
en die vlerksade van 'n kamassie -
ons bed is die geheime blare
van 'n berkeboom**

**kom ons loop barvoets
deur die natwoud,
kom ons gaan kyk smorens vroeg
hoe die branders sproeireën
teen die horison
waar walvisse byna hoorbaar paar
in die vliesblou uitpansel
van die see**

dáár sal ek my liefde vir jou gee

die slaapbroek

wanneer ons tuis kom is die bloed aan jou slaapbroek al droog
maar die vensters nog taai en glippend soos wonde;
die geweld hang vretend
in ons huis
lê die nasmaak
in skemerdonkerte ontbloot,
soveel dat die mure móét intuiemel
onder die herinnering van ons wittebrood
in Mosambiek:

eweseer wou jy my nie tóé laat bloei -
die handgestikte naat van jou slaapbroek
wat met die vrolike witheid
van 'n jaaroud lam span

so wil ek jou onthou:
daar waar jy staan in die deur van die hut
met die lap van Bazaruto om jou heup,
strek jou arms in die lug
jou skouers die kleur van duine
jou soepel rug wat my dwing om te skryf

maar nou het die dood deur ons voordeur gebars
nou is jou slaapbroek bebloed soos 'n maagd
en die vogtige vrees word met moeite
besweer;
daardie ysterreuk van angswet
daardie klank van dreigende dood

kyk, die jakkalse wat oor die heuwel draf
verander in straatbrakke
hulle kruip in die miervreter se gat
hulle vreet voëleiers en bokkies;
ons het selfs 'n flaminkvlerk
in die mis gewaar

lafhartige vosse wat stert tussen die bene hol
gulsige hië nabekke, slingerend van bloed!
daar is 'n skoonheid wat die trop
nooit van ons kan steel:
selfs al sou hulle jou vang
sou jy die bosbok stuur om my te troos
of 'n steenbokkie met spits hoewe
of 'n waterbok wat in die aandlug wei
aan bessiebos en wilde vy

maar jy is nie weg nie
jy is hier in vlees en bloed,
jy rimpel swem die eilandsoom
jy lag oor die loerie
wat in my armholtes woon -
ek is gewoon mal oor jou

vannag laat ons die voordeur oop
en steek lanterns op;
jy haal jou slaapbroek uit die kas;
onder my nagrok swem my borste
soos visse - jy wandel vrylik
deur die ruimtes van my slaap

genade sif soos digstof neer
want jy is hier jy is hier

(luister hoe sluimer
ons vrese op die vensterbank)

University of Cape Town

die herfshuis

langs die pad
na ons huis
is die bome vanaand
groen vuurhoutjies,
skaterend en krom
soos vroue wat vuurhout
versamel op die rug

bobbejane roep skor
in die verte na mekaar;
die rondlopervos huil hetig
op 'n klip sonder verstand;
die klipspringer gaan verby, vluggend
beurend teen die wind, die wind

jy hardloop teen die heuwel af
met arms vol sekelgras
agter jou rug

die wind kam deur jou krulle
jou hare vlam in die sakkende son

vanaand besit ons 'n kombuistafel
'n ketel, vier wolfhonde met name
soos Storm en Skemer
buite ons huis
blom die papierdoringboom
- die gom van die wonde
op haar stam is eetbaar;
ons proe haar peule
in die melkkoei se room

vanaand dra ek 'n blonde rok
langs die pootjiesbad
steek ons twee kerse op
en was mekaar se hare

in die wasem teen die ruit
skets ons by herhaling
die herfstige gloed
van ons asemhaling

GROEIKRAG

University of Cape Town

vir die Drie-Enigste

BOOMPAD

Augustus op Lajuma -
mosbome 'n ligte groen
in vroegdagmistigheid

Dik-dik rankers en rivier
kronkel soos 'n luislanglyf
oor die berg se voet

Van Waterpoort na Vivopad
lek aalwyne en kremetart
die soutpanne met dorre tong

tot waar die geile barheid
in plantasies van dwangrym verdwyn

University of Cape Town

tweeling

**met kapseisoen
kraak ek
saam met
die boom
wat af-arm
en onhandig
gryp
na die verlore
jaarring**

**ek bid
dat God
wat op
grond spoeg
modder meng
aan skadu-oë
smeer
ook hier
groeiend genesing
sal bring
vir 'n
stompie-arm
bloedbroerboom**

University of Cape Town

STAMBOOM

Op die bult groei 'n stamboom
in die begrafplaas
langs die sokkerveld.

Boerbokke en donkies
trap dierpootstofwolke
teen die laatmiddagson.

Die mieliesak
op die vrou se kop
is tjokkervol geprop.
Die strepe-lap
kring om en om -
'n jaarring
teen haar rimpellyf.

Polsbande klingel as sy praat.

Haar krale is die kleure
van mangoskil en wildevy,
piesang- en papajageel.

Sy stap 'n gladgeveede pad.

In die begrafplaas
groeï 'n stamboom
langs die sokkerveld.
Uit die rigting
van die plantasie
klink dromme en gesing
van seuns in inisiasie.

Die man met die stapstok
se breëhoringbeeste
wei vetpens tussen riete.
Die klokke klots-klots
soos blinkwater
in 'n berg se gleuf.
Hy sê dat die blare
mekaar waarskuwend roep
as 'n olifant die takke kneus.
Hy sê die wit leeu van VhaVenda
bewaak die Thathe Vondo-woud
en aan die oewer van die meer
is die potklei rooi en koud
want die luislang van Fundudzi
vra altyd weer
die offerbloed
van ses maagde of 'n dier.

Ons slaap in 'n kleirooi hut
met sirkels swart en wit
geskilder teen die binnemuur.

In die mik van jou arm
skrik ek telkens wakker
van die groeiende droom:
'n bult met 'n begrafplaas
en 'n kafferboom
wat rooier bloei as ooit.

University of Cape Town

die klippe val boontoe

10-01-2004

ons het gelê op die berg
oop oë
koppe op klipkussings;
die bome was beenwit
en het geruik na stof;
wildsbokke was skaars
en is slegs gesien
in verbeelde wolke
in 'n skuifelende gevlug
van verhongering

blare het geknars onder moeë hoewe
na drie reënlose seisoene
het vuil vliese oor dowwe oë geskuif

Willem het eerste opgestaan
sy arms takke in die wind,
bulderend vir 'n veld met water
wat soos amberheuning uit rotse beur

Marieke se huil was die eerste reën:
as ons stilbly sal die klippe dit skree

ek kon voel hoe die rots onder my rug
bewe en brand van 'n lied
soos 'n hongerkreet
uit die maag van die grond
dieper en ouer as my geheue

Anton het gefluister:
kyk, die klippe val boontoe...

en voor ons oë het dit gebeur:
die hemel het soos 'n voorhangsel geskeur

spoor: 'n inisiasie

*Net daarna het die Gees Hom weggevat die woestyn in...
Jesus was daar saam met die wilde diere,
en die engele het Hom versorg.
Markus 1:12-13*

voordagster
en donker silhoeët

in die naderende son
hoor ek die geruis van vlerke
en vou my arms oor my bors

ek rol by die dreunduin af:

oor die fluisterende spoor
van 'n splittoonakkedis
en 'n gestreepte tor wat sy bors
suutjies klop-klop in die sand en wens
sy vroumaat roep hom terug;
waar die rooijakkals se paaie kruis
en die gemsbok-ooi 'n diepspoor trap
- die lam reeds klipswaar in haar pens -

klim ek sylangs soos 'n slang

die waaisand warrel in donker lae
die donderduin vibreer deur harsings
en deur binnegoed

die gewelf skuif oop
soos 'n halfbeeld in 'n koorsdroom;
blink en skrikwekkend
soos die veer van 'n reënvoël
lê dit voor my voete:

ek hurk en trek die lyne
van my voetspoor in die sand...

ek wonder oor my grootword
en oor 'n Hoop
groter as 'n man se hand

kliktaalmense

wanneer die *narra* melkerige tepels maak
sal Jy my na die woestyn begelei
waar geelvelkinders in die skaduwee skuil
omsingel deur bibberende hittegolwe
en die vrouens stampvol volstruiseiers
bêre onder koeltesand

en ons sal aanstap
met varswater in die strooitjies van 'n duinriet,
die knolle van die *narra* tussen my borste
en die volstruiseier teen Jou bors 'n kloppende asem

winter sal oor die duine sluip
soos 'n man met 'n spies in die hand

velbeendogtertjies moet agterbly
en krimpsiek oues met hoë wangbene
en are soos spinnerakke
se liede sny 'n slagwond deur die nag
terwyl die volk al verder trek
agter kos –
seuns met jagvure in die oë
spiesbokke wat veg
teen die hongersnood

“hulle noem hierdie naamlose landskap
die plek waar mense verdwyn in die sand”
sal Jy sê en my dieper die dorheid inlei
verby wankelendes, om strak bome
soos volstruise wat hittig dans,
verby die skelet van 'n stemlose verstarde kind
wat rou akkedisse kou vir vog
en die kliktaalvrou
met tande stomp geslyt van sand
sal *narrasap* dorstig drink uit Jou hand

Jy gaan haar en die kleintjies neerlê
in 'n grot gekleur met klippoeier en gal
- skets toktokkies en steenbökkies
en 'n kinderlose ma met 'n vroedvrou aan haar sy

voordag sal 'n spiesbok
al om die opening korn snuif

en die klippe sal kraak van water
en die ganse grot sal weergalm van droom

GROEN VINGERS

Swartwoud, Duitsland

God het Sy vingers geklap
"Groen!" het Hy gesê

en daar was bome met mosbaarde
waarteen die varings krul,
sampoene wat giftig stoel
uit die aarde
en 'n klipkussing vir Sy kop.

God het gesê dis in Sy wil
dat niks die stilte hier steur

want op die sewende dag
wou Hy hier rus
en onverstoord fotosinteer.

University of Cape Town

spruit

**stilswyend luisterend
na die plantaardige
Hartklop**

**in die blomkelk van
'n klipblom
of fluweeldopkremetart**

**fluisterend
soos 'n slakkespoor
oor die sterstruikpad**

**tot daar mensvry
- bykans bloeiend -
'n delikate eenvoud
uit die Drievoud
spruit**

University of Cape Town

groekrag

skree soos 'n boom
skree groen teen bliksemstraalblou
skree huilboom, vlamboom, fakkelboom
skree: *Lig!*
Lig verskeur die lug
skree ten hemele
dat die vrug
'n jaarring val deur my lyf
wat swel en spruit en bloei
toe ek die sappevlekte bandjie
van Sy ryp oesmandjie sien

University of Cape Town

gloekrag

daar is niks binne my
sonder Ntaté nie

sonder Hom -
die Driestroomsterk
elektriese skakel:
*"kyk net die vonke, Pa!
hoe vuurwerk dit
teen Jou uitspansel,
hoe verhelder Jou gesig!"*

daar is niks binne my
sonder Ntaté nie

sonder Hom
skroei ek weg:
*"kyk hoe gloei
Jou vuurvliegflikkerlig
in my, Pa!"*

daar is niks binne my
sonder Ntaté nie:
*"ek wil veldbrand, Pa!
ek wil vlamrooi
deur Jou tuine hol
brand, brand, brand
dors Jou water drink
en soos 'n herfsboom
in vlamme opgaan!"*

AS JY WEER HIERLANGS KOM

**As Jy weer hierlangs kom
sal dit dieselfde wees:**

**Die boer sal teen die groefstam
van 'n apiesdoring leun -
half stowwerig van wag
en moeg;
Jou skaduwee 'n watermerk
oor sy grysgeel gesig
sal hy baie stadig vra:
"Is Jy nou vir goed hier terug?"**

**Op die klipperige heuwel
sal die werfvrou
uit haar kaia peul -
krom soos 'n doring
in haar persbruin japon.
En haar oë sal oopspring
een vir een
soos peule aan 'n boom
as Jy tree vir tree nader kom.**

**Teen die hakskeensening
van die berg
sal outata vir oulaas
heiningpale kap
en in die sweet van sy aangesig
wonder waarom die wolke
dan so skielik verskyn.**

**Want Jy sal daar staan
soos 'n wonderwerk,
nyala en renoster
wat weerskante van die hek
blare uit Jou vingers lek.**

**Die plaasmeisies sal huis-in hol
om nuwejaarsklere aan te trek -
persrooi kelkrokke
wat baldadig blom.
Een sal die voordeur oopstoot
en Jou aan die hand
na die voorhuis begelei
waar Jy voor die hele familie vertel
dat Jou herkoms en weerkoms
gedatum was
soos kerfies aan dieselfde boom.**

In die liggeel namiddag
sal Jy weer huis-uit stap
tot onder in die riviervallei
waar 'n kind vars saad versamel
en oor haar skouer roep
dat dit volmaan is
en sy die pad
huis toe ken.

University of Cape Town

Nomvula, Nomvula, kom speel met My

ek het altyd geweet Jy het my lief
van die dag toe Jy
met boomgoed
in Jou oop hand
voor my kom staan:

die naguiltjie se borsvere
was ligbruin takkies
wat sigsag om 'n stam;
heuningstroop
en mamba-eiers
soos vruggies
in Jou offerhand

Nomvula, Nomvula, kom speel met My
vra Jy

nou gaan ons kameelboom klim
deur blare veervormig
en blomme vinkgeel
en afkyk hoe die koedoekoei
'n peul herkou
van grys gekruide fluweel

luister-luister, fluister Jy
die melk in haar uier
tap voller soos die maan

dit is tyd om huis toe te gaan
maar Jy breek fynhoutjies
en pak 'n vuur
sodat ek langer hier moet bly;
die kewers en hemelsbloutjies
skud Jy tydsaam uit die saad
wat na roosterkoffie ruik

dis nou dat ek vra *hoe lief het Jy my?*
oor ek weer wil hoor
dat Jy sê ek is Nomvula –
die kind wat gebore is
op die dag wat dit reën

anderdagmiddag
vlieg die son uit sy hoë nes
en land op die horison
Nomvula, Nomvula, kom speel met My
roep Jy
ek dog nie nou nie
ek's lui vir speel

wanneer ek uitstap
sit Jy in die mik
luister-luister, fluister Jy
die takke kreun *Nomvula*

Jy kyk my stil en stip-stip aan
Jy vleg 'n kransie met Jou kaalhand
- sirkelrond en sterk en heel
die dorings dikker as my duim -
Jou hande rou gestroopte bas

ek huil en roep *klim af, klim af*
maar in Jou lê die liefde
soos 'n saadvrug in 'n peul

University of Cape Town

VAN KINDBEEN AF

**God van paddastoele en poësie
van snotneuskinders
wat skaam loer na my boerehand
wat rougekoude suikerriet
tussen hulle tande breek**

**elke dag grou hulle
voor Jou aangesig in hul ore,
speel hulle met gelaste springtou
voor Jou hut,
eet hulle pap en papaja
uit Jou hand**

Jy ken elkeen by die naam

**ook daai kind met die rafeltrui
wat skeel loer na die poppekas
en sy tjommie met die rowelip
wat met sy pienkwit vel
nie in die son mag sit**

**Jesu Krestu sal Jy buk
kind vir kind op Jou rug laat klim
dat hulle ook die sterre
soos paw-paws uit die lug mag pluk?**

DROMSLAG
Mangweni, Mpumalanga

Hierdie nag
kniel ek
voor die voete
van snottersiek *izingane*,
gryse *ukhulu* vol wysheid
en die jeug.

In die donker spoel ek
stowwerige voete in 'n skottel.

Engel Gabriël fladder in kantgordyngewaad,
verkondig in vlot Zoeloe
dat in *Mariya* se arms
'n af-oor teddiebeer sal slaap
en hulle sal Hom toedraai
in 'n gerafelde pienk handdoek
en Hom neerlê op die oxide-bont vloer
van Emmanuel Assembly.

Later eet ons
krismispannekoek
sing kerse-in-die-hand
sing "*uNkulunkulu uNkulunkulu*"
toe die dromslag van *Jesu* se hart
ons voete in 'n dans laat brand.

VUUR

Kwekwe, Zimbabwe

In 'n nag
van glinstervlieë en glimwurms
en sterre van vuur
het die boom in die sirkel
tot as verbrand.

In die vlamgloed
van die sing-uur
het die kinders se omlope
sagter gelyk;
die uitpeulnaeltjies minder kras;
selfs die ribbeenbrak
was effe mooi.

Die swanger maan
het in barensnood gegaan
en 'n duisend sterre gekraam -

sterre wat blinkgesig bid
soos dopelinge by die rivier
met fakkels in hande
en tonge van vuur.

University of Cape Town

ware Liefde langs die Wildekus

Msikaba, Transkei

voortaan roei ek op groen water
met 'n slankboot na die strandmeer
stapstewels op my kop
'n skuivende maan bo die rant van die duinwoud
na die singende moeras
waar 'n bevolking mangliete woon
vol ape en eggo's uit die verre toekoms

hoe ver rimpel Jou voetspoor oor hierdie water?
hoe dikwels het ek Jou geprewel
tot Jy vlees word voor my oë?
die see bring krappe en dolfyne en walvisse
wat stertklappend kalf
en smorens spiraal dertig aasvoëls
in 'n skielike uitbreek van vlerke -
'n stroomversnelling
van mistige engele

vrouens met krale om dun enkels
het kruise water hier geskep
vir mans soos trotse knopkieries
vir werfvarke en esels
en die teefhond het gekreun
van rougeknaagde speen

onthou Jy ook die vaalbruin en gebyte
bekke van krulstertbrakke
wanneer die mielielandery verdroog
en die hutte klein kleipotte van hongersnood is?

ek het heeldag van die skadu na die gloed gevaar
verby beeste op erosiestoepe langs die see
- oorlewing is 'n koei wat gemelk word aan die horings -
maar Jy het gesing tot die mitserie
jong koperrooi blare vir ons gee
en swart vrugte vir die glansspreeus
en houtkappers en papegaaiduiwe
- die weerkaatsing van water teen die rots
had die kleur en tekstuur van 'n visbontvel

binnekort sal Jy weer die vloedbosse seën

maar wie sal luister as ek vertel
hoe hoorbaar Jy was
hoe Jou kleed oor die water geritsel het
hoe ek daglank gewag het
tot Jy uitspruit soos 'n Woord?

en dat Jou voete die ene sonspikkels was
en dat 'n tak die water gekus het
toe Jy in die roeiboot klim?

In die nag het ek Jou naam geroep
16-04-2005

in die nag het ek Jou naam geroep
uit 'n stad, grou van verrotting
het Jy gekom
deur die roetstrate van Langa
oor die roesdakke van Khayelitsha
verby die krotjies van Imizamo Yethu
het Jou asem soos 'n ruiter gejaag
en die berge het gehurk
en die lug was broos gekneus
soos 'n bloukol wat verkleur

in die nag het ek Jou naam geroep
en die klank het soos 'n veldbrand versprei
oor die Twaalf Apostels se nekke
was die reuk van vlamme
en kraakdroë blare
en boomskelette
had die vorm van engele
toe Jou naam
soos 'n vuurklip
uit my mond uit vlieg

in die nag het ek Jou naam geroep
toe die Aprilwind die bas van die bome skil
en die vloere taai was van bloed
en bloed teen die kosyne,
het Jy na my gestorm
oor 'n see van wolke
met blitse in Jou oë -
Jou baard en hare
vol vroegherfsreën

Jy het gekom
uit alle windrigtings
driftig soos 'n bruidegom
met 'n kleed van weerlig
oor die skouers;
oor plooiberge en stapelrots
het Jy gejaag
asof die sterre val
in die nag
toe ek Jou naam roep
en Jy sidderend van liefde
inskuif
tussen my nagrok
en drie rowers
wat op die vlug slaan
voor die dertien letters
van Jou naam

Moya ungcwele

stilte is 'n oergeluid

**die asem van
Moya ungcwele
is 'n murmelsee
wat sag kreun
soos 'n Wolfhondtrop:**

**die Alphawolf die Sigbare
en die Ritseling
lek met windtonge
die lug
tot dit skoon oorloop
van blou**

**storms laat die klippe kraak
brosberge verwater in 'n sug
maar in die windstil
wasemwolk
om die Trop
se bek
kry stilte weer 'n asemkleur**

**sif suurstofblou jakkalsdou
soos Moya
sjuut-sjuut
oor die see**

University of Cape Town

2. VERTAKKINGS

Versreëls gebaseer op Basotho-spreuke:

"om na die vuur te kruip":

Ho khasetsa mollong.

"die bang voëls in haar longe vlieg":

Nonyana lifofo matsoafong.

"'n koei wat gemelk word aan die horings":

Ntoa ke khomo khameloa-meutloeng.

Versreëls gebaseer op Ndebele-spreuke:

"hy maak vure in die wind":

Uphembela emoyeni.

"waar die koei gemelk word terwyl sy lê":

Kukwankomo isengwa ilele.

Versreëls gebaseer op Sepedi-spreuke:

"die jakkalse wat oor die heuwel draf verander in straatbrakke":

Phukujwe ya tshela moedi ka mpšana.

"die nag 'n rondloperleeu, met dagbreek besoek ons mekaar":

Bošego ke tau, bo re go sa re hlolane.

"as 'n sweer toegroei verdwyn die vlieë":

Sešo sa fola, dintšhi di (tša) fofa.

"jy wat vir die maan wag, wag vir donkerte":

Moleta-ngwedī o leta leswiswi.

"sy wat na die leeu toe stap dra vanaand 'n vlammente tak":

Moya-mahlong a tau o ya a swere serumula.

Woordlys

Izingane: Kinders. [Zoeloe].

Jesu Krestu: Jesus Christus. [Zoeloe].

Kassawe: Eetbare plant met knolagtige wortels. [Haïties].

Makôrô: Uitgeholde boomstamboot/ kano. [Setswana].

Marogô: Wilde groente soos spinasie gekook. [Sepêdi].

Mekôrô: Uitgeholde boomstambote/ kano's. [Setswana].

Mitserie: *Bridelia micrantha*. Inheemse moerasboom. [Engels].

Mmakgolo: Ouma. [Sepêdi].

Moya: Lug/ asem/ wind/ gees/ siel. [Xhosa/ Zoeloe/ Sepêdi].

Moya ungcwele: Heilige Gees. [Xhosa].

Mutti: Mamma. [Duits].

Narra: *Acanthosicyos horrida*. Woestynplant waarvan wortels as medisyne gebruik en die vrug geëet word. [Nama].

Nomvula: Reën. [Xhosa].

Ntaté: My pa/ my vader. [Setswana].

Rakgolo: Oupa. [Sepêdi].

Ukhulu: Ouma. [Zoeloe].

uNkulunkulu: God. [Zoeloe].

3. NAWOORD TOT DIE POËSIE

Op die plaas Bergfontein, in die Limpopo-provinsie waar ek grootgeword het, kan droogtes soms oorgaan in donderbuie wat vloede bring en ons vir weke van die buitewêreld afsny. November 1976, die maand van my geboorte, het die plaaspad oorstrom.

My liefde vir die wildernis het ontstaan toe ek baie klein was. Vanuit die berge het die visarende gekom en die jakkalse, ystervarke, vlakvarke, koedoes, klipspringers, bobbejane en luiperds. Ons het hulle gehoor, soms gesien, die spore herken. Onder die maroelaboom langs die huis het ek as voorskoolse kind my eerste ontmoeting met 'n slang gehad. Ek was alleen. In my kindergeheue het die kobra sy kop bak gemaak, sodat ons ooghoog na mekaar kon kyk. Hy het weggeseil sonder om my seer te maak en ek het besluit dat die veld vir my goed is.

Die plaas is afgeleë. Die grondpad wat ek vir twaalf jaar skool toe moes ry, swenk verby wildsplase. Wanneer die boorgat by die huis opdroog, het ons hele gesin in die Mokolorivier gaan bad. Daar is waterlelies in die rivier en kurpers, rooivinke en bosbokke agter die riete. In die somer wanneer die opgaardam se sluise oopgemaak word, skuil seekoeie en krokodille in die dieper kuile. Dit is die bosveld op sy mooiste; die eerste landskap wat ek liefgekry het.

My ma se liefde vir taal het ook 'n diep indruk op my gemaak. Ek onthou middag as klein kind saam met haar in die skoolsaal, terwyl haar matrikulante Afrikaanse en Duitse gedigte voordra. Ek onthou Elisabeth Eybers se "Maria" en Ingrid Jonker se "Bitterbessie dagbreek" en hoe Johann de Lange se "Aardlief" my teen die bors getref het. Ek onthou 'n platespeler met "Sy kom met die sekelmaan" en saans agter 'n toe deur voor die badkamerspieël het ek probeer om die woorde van "Raka" te herhaal.

Ek was 'n skaam, stil kind. Toe ek agt jaar oud was, het my enigste maatjie na 'n ander dorp verhuis. Ek het verlate gevoel en so seer dat ek skaars kon praat. Daardie aand het dit gebeur. Ek was besig om te bad, toe die eerste versreël my besoek. Ek het uit die bad gespring om dit neer te skryf - die "Die Leonie-week" was 'n hele bladsy lank. *As ek eendag groot is, het ek gesê, gaan ek gedigte*

skryf. My ma het geantwoord, *Hierdie is 'n gedig*, en 'n boek vir my gegee waarin ek my versies kon neerskryf. Van toe af het ek in die middag na skool met Opperman se Groot Verseboek en 'n gehawende HAT gesit en lyste gemaak van woorde wat vir my mooi is. Ek het geweet dat ek my lewe aan die skeppende woord wou wy.

Ek was tien jaar oud toe ons vir die eerste keer elektrisiteit gekry het – en 'n televisie. Tot op daardie stadium is my verbeelding deur boeke gestimuleer en deur die vergesogte stories wat die mense van die omgewing vertel. My visuele stimulasie het uit die bekende bestaan: in die houtplafon en leiklipvloer van die plaashuis, het ek figure en verbeelde diere gesien; daar was prentjies in die rooiboshout se vlamme; die kremetartvrugte het gelyk soos fluweel; ek het beeldjies gemaak uit miershoopklei; die plaaswerkers se hare was papajapitte; my ma se oë het getraan as sy lag.

Finansieel het dit swaar gegaan op die plaas en op veertien het ek begin om te skilder vir geld. Op sestien het ek genoeg kunsgeld gespaar om self vir die AKTV-Skryfskool op Potchefstroom te betaal. Die eerste twee jaar was ek die enigste skoolkind op Skryfskool. Die kontak met voornemende en volwasse skrywers het my vinnig uit die fase van “tranerige tienerpoësie” forseer.

Na skool het ek Beeldende Kuns in die stad studeer en 'n honneursgraad voltooi oor die gebruik van organiese materiaal in beeldhoukuns. Naweke het ek kortverhale geskryf en 'n (ongepubliseerde) roman voltooi. Studentevakansies het ek saam met vriende in Suid-Afrika en oor die grens na klein swart gemeenskappies getoer waar ons soms vir 'n maand aaneen tuisgegaan het. Ons het saam met die oumas op die landerye gewerk, om die vuur gesing, water uit 'n put geskep, bakstene gepak en 'n kerkie gebou. 'n Groot aantal van die gedigte in die “Groeikrag”-afdeling, spruit uit die rykdom van hierdie ervarings.

In 2000 is ek oorsee om te reis soos die wind en vir beeldhouers in Cambridge en die Skotse Hooglande te werk. My reismaat was Gerrit van Niekerk – my beste vriend, met wie ek eers ná twee jaar saam oorsee 'n liefdesverhouding sou aanknoop. Ons reise was 'n verrykende, wonderbaarlike belewenis. Maar ek moes hard werk om my studieskuld af te betaal: drie dae 'n week het ek in kunsstudios graniet geslyp en beelde gegiet. Die res van die week moes ek

gestremdes versorg, siniele bejaardes se doeke omruil en beenhare uit ryk mense se baddens was. Saans het ek gehuil oor die afwesigheid van woorde. Ek het gewonder of ek ooit kon skryf.

'n Jaar na my terugkoms in Suid-Afrika het ek aansoek gedoen vir die meestersgraad in Kreatiewe Skryfwerk aan die Universiteit van Kaapstad. Groot was my verbasing toe ek aanvaar word en drie studiebeurse ontvang wat my in staat sou stel het om voltyds te skryf. Hiermee het 'n verrassende nuwe seisoen vir my aangebreek.

Byna al die gedigte in *die vloedbos sal weer vlieg* gryp op die een of ander wyse terug na die eerste tien jaar van my lewe - 'n tyd voor televisie, 'n tyd toe die bome my getroos en die klippe op die berg geluister het hoe ek my eerste gediggies opsê. Die rivier en berg was reeds van kleins af my kerk waar ek dae omgesels het met God. Ek het lief geword vir die Drie-in-Een, omdat Hy meer verstaan van vryheid as enige mens of dier.

Die natuur het ook my belewenis van die erotiese gevorm. Ek het gekyk hoe sade swel en lammers gebore word, maar my eie sensuele sintuie was beseer. In die natuur moes ek 'n nuwe vrugbaarheid ontdek: struikruik, blare soen, aan skubberige bome vat. Later het ek met 'n man getrou wat my skryfdroom verstaan en my liefhet omdat ek vry is. Die veld met sy vrugbeginsels en saad in die grond, met sy rypheid en rondings, met sy boomstamme wat verrassend man voel onder 'n hand, het iets in my wakker gemaak soos na 'n lang winterslaap.

4. TEMATIESE INDELING VAN GEDIGTE

4.1 Oesjaar: die verklaring van identiteit

Paul Ricoeur - filosoof en teoloog, professor aan die Universiteit van Chicago en aan die kunsfakulteit van Paris-Nanterre - skryf in *Time and narrative* dat identiteit in Latyn verstaan word as "being the same" (*idem*); 'n ander omskrywing vir identiteit is "oneself as self-same" (*ipse*) (Ricoeur, 1992:165). Vir Ricoeur vat die *ipse*-betekenis die narratiewe identiteit van die individu saam. Die *ipse*-betekenis impliseer 'n self-standvastigheid wat, anders as die *idem*, kan verander (Ricoeur, 1988:246).

As digter demonstreer ek my standvastigheid deur getrou te wees aan die woord. Die vraag "wie is ek?" word vervang deur die bevestiging "hier is ek" – 'n uitdrukking van meelewing, waartydens ek myself beskikbaar stel aan ander, ook deur middel van die digkuns.

Volgens Ricoeur word die samekoms van die *idem*- en *ipse*-identiteite in karakter gevind. Karakter bestaan uit gewoontes ("which gives a history to character"). Karakter is 'n "distinctive sign by which a person is recognised, reidentified as the same" (Ricoeur, 1992:121). Ten tweede beskik karakter oor 'n "set of *acquired identifications* by which the other enters into the composition of the same" (Ricoeur, 1992: 121) (Ricoeur se kursief). Hiervolgens herken ons onself deur middel van identifisering met mense en gemeenskappe waarmee ons deel voel.

Die veertien verse in die afdeling "Oesjaar" handel oor die invloed van my ouers en hul omgewing op my identiteit. Die gedigte is almal in die Limpopo-provinsie gesetel, meer spesifiek die Waterberg. Die landskap dien as ruimte waar die fisiese, psigiese, geestelike en intuitiewe met mekaar integreer.

Die openingsgedig, "waar jy ook al is", lê die grondslag vir die eerste afdeling. Die *verskriklike seisoen/ van onheil en hoop en herkoms* vind inslag in 'n reeks dualistiese simbole: daar is dreigende *onheil* in die voëls wat haastig asemhaal en onrustig swiep, die rooirugjakkals by die skaapkraal, die mamba wat uit die boom val en die *halwe eierdop*. Daar is hoop in die mangobloeisels, die *boord van beloftes*, die *blindwit aartsengel*, die vlinders en stokgogga wat sy vlerk

oopvou soos 'n gedig. Oorvleueling vind plaas in die beeld van die week-oue kuiken met die oë nagswart papajapitte (onheil) in 'n son van vere (hoop). Die res van die gedigte in hierdie afdeling eggo die tema van onheil teenoor hoop en gevaar teenoor koestering.

Ek het vir agtien maande oorkant die Voëlpark in Houtbaai gewoon. Die roep van die visarend was ontstellend, omdat die inperkende hok so ver verwyderd van sy ware habitat is. In “windsweef oor die Waterberg” onthou die vasgekeerde arend die plek van sy herkoms en snags weerkaats sy oë die boomgomkleur. Die papierboom met die onderbas broos ontbloot, dien ook as simbool van kreatiewe skepping, maar dit is die rivier met die waterlelies en kurpers wat die visarend die helderste onthou.

Clarissa Pinkola Estés, die Spaans-Meksikaanse digter en Jungiaanse psigoanalisis, verwys in *Women who run with wolves* na die Río Abajo Río – die rivier onder die rivier. In Jungiaanse sielkunde is die rivier die kreatiewe lewe in sy normatiewe staat. Water is essensieel vir oorlewing en staan ook in verband met die vrugwater van geboorte. Troebel waters bring dorstigheid, verlies aan lewenskrag, selfs misvorming. Die Mokolorivier waarna die gedig verwys, is nie groot nie, maar standhoudend. In die somer is daar seekoeie en krokodille, visarende en waterlelies. In die winter word vrugteboorde en landerye uit die rivier besproei en diere word gevoed. As simbool van kreatiewe skepping is die rivier dus altyd lewegewend en in vloed, selfs al is die digter, soos die arend, afgesluit van 'n gunstige habitat.

Metafore in *die vloedbos sal weer vlieg* wat later terugkerende simbole word, is die rivier se verwante: die stroom, vlei, moeras, oseaan, koraal, vis, skulp, padda, riet, biesie, wolk, reën, mis en wasem. In teenstelling met water wat van onder die aarde kom, is die boom 'n simbool van die bo-aardse. Veral Afrika-bome soos die papierdoringboom, kremetart, maroela, kanniedood, nyala en kameeldoring, asook subtropiese vrugtebome soos piesang-, mango- en papjabome, keer telkens terug as tekens van voorsiening en krag. Die samekoms van water (onder-aardse), boom (aardse) en voël (bo-aardse), word dus in “windsweef oor die Waterberg” én in die titel *die vloedbos sal weer vlieg*, gevind.

Die gedig “Oesjaar” leun swaar op narratiewe gegewe. Dit handel oor oestyd op

die plaas in Desember. Kersdag, na 'n dag van harde werk, kap die ouers 'n tak in die bos om 'n kersboom vir die kinders te gee - versierings en al. Die skyn van 'n normale Kersfees word voorgehou, maar die kind besef hoe abnormaal hard hulle werk. Vandaar haar gebed om 'n makliker lewe vir die ouers, soos gemetaforiseer deur die mangovrug sonder pit en die pit sonder vesels.

In sy boek, *Mythologies*, vra die Franse intellektueel Roland Barthes: Wat is mitologie, vandag? Hy antwoord met die stelling: "*myth is a type of speech*" (Barthes se kursief) (1973:109). "Mythical speech is made of material which has *already been worked on to make it suitable for communication*" (1973:110). Die gedig "vrygeborene" maak gebruik van 'n aantal geskiedkundige feite: die huis se dak hét afgewaai tydens die boer se geboorte; hy hét op sestien begin boer; die vrou hét op veertig swanger geword en 'n laaste skinkbord geveg voordat sy kraam; paradysvoëls broei in November; die kind is werklik doof gebore en kon na tien maande wonderbaarlik hoor. Die res van die gedig is suiwer mitologie: Kan sterre gesigte trek? Kan 'n veldmuis die geboorte van 'n kind voorspel? Kan 'n baba hoor hoe *sygras dons*? Dit is die aard van mitologie - die vermenging van bestaande feite met fiksie.

Dieselfde spel tussen werklikheid en bowerklikheid word voortgesit in die twee "Erflating"-verse. Die feite is as volg: die stiefouma het werklik as oujongnoot met 'n wewenaar met ses kinders getrou, orrel gespeel en in 'n kerkkoor gesing. Sy het in die veld verdwyn, is gevind en kon skielik in 'n vreemde taal praat en skryf, met die gevolg dat sy in 'n gestig opgeneem is waar sy skokterapie ontvang het. Aangesien hierdie feite slegs op hoor-sê gegrond is (die ouma is oorlede voor die geboorte van die digter), kan die narratiewe gegewe met vrug na Harold Bloom se *Map of misreading* herlei word: "Gossip grows old and becomes myth" (1975:28). Sou 'n vlakvarkbeer *teen haar voet snuif* na kos? En wie was die *fynsinnige besoeker* wat haar lewe so radikaal verander het? Hoe weet ons die getuienis is wáár? Mitologie is waar in sover dit essensiële beginsels verkondig: 'n bonatuurlike belewenis word misverstaan en lei tot die mite van die geestelike as martelaar. "Oral Tradition depends upon memory, personality, and the direct tradition of teachers who in turn taught teachers", skryf Bloom (1975:42).

Die gedig "voor-beeld" is gebaseer op 'n visioen ('n *voor-beeld/ van gebreëkte vlerke*) wat ek op 31 Desember 2003 gesien het van my pa met 'n kankergewas.

Die proses wat sou volg, is duidelik uiteengesit: die operasies (*oopgesaag van buik tot bors*), sy geestelike versorging van ander pasiënte (*skreeuend soos 'n engel/ oor die vrou sonder tong/ oor die kind se gekapte kloutjies*) en ook sy volkome herstel (*hoe jy weer berg-op gaan/ met wydgestrekte arms*). Vanweë dié instinkmatige agtergrond word die karakters in die gedig gelyk gestel aan die hegte familiestruktuur van wolwe en voëls. Die ek-karakter *lek die lug/ soos 'n wolvin* om die gemoedstoestand van die vader te peil, terwyl die vader met 'n valk vergelyk word, waarskynlik vanweë fisiese eienskappe soos die vorstelike neus (*snawel*) en breë bors (*wye vlerkspan*). Die *skarlaken jagter* is 'n laksmanvoël en word hier as die bose beskou wat te blameer is vir die lyding. Die troos wat die digter bied, is deur middel van meegevoel en die kreatiewe woord: *my trane brand jou wonde skoon/ ek skrop jou toe in hierdie vers*.

"voor-beeld" moet saamgelees word met die gedig "Vlugte voëls". Hier vind ons *gerugte/ van duiwels/ of lemoenduiwe* bo die plaashuis. Die duiwels tree op as agente van onheil en lyding, terwyl die duiwe as draers van die Heilige Gees funksioneer. Dit handel hier oor die na-kankerse tydperk, soos beleef deur die vrou van die pasiënt: skielik kan die lewe normaliseer, weer *stroom-af dryf*. Met agternaperspektief skryf sy: *tussen gewond en gesond/ is net een letter verskil*. Hierdie frase speel in op die dubbelsinnige *bloeiende boord*. Alhoewel baie bloed gevloei het tydens die siekte, was dit ook 'n vrugbare tydperk en is die boord nou bloeiend van nuwe potensiaal.

Oor die verhouding tussen mense, gebeure, die landskap en tradisie as tekste op die tekste wat ons lewer, skryf Harold Bloom: "What happens if one tries to write, or to teach, or even to read without the sense of a tradition? Why, nothing at all happens, just nothing... Tradition is influence that extends past one generation, a carrying-over of influence. Tradition, the Latin *traditio*, is etymologically a handing-over or giving-over, a delivery, a giving-up and so even a surrender" (1975:32).

'n Private simboletaal ontspring dus uit die persoonlike geskiedenis van die sprekende ek. "The poet-in-a-poet is as desperately obsessed with poetic origins... as the person-in-a-person at last becomes obsessed with personal origins", skryf Bloom (1975:18). Die gedig "1984" is 'n lewensgetroue dokumentasie van die droogte van die tagtiger jare, soos beleef deur die oë van 'n

sewejarige kind: die boere soek na weiding, verhongerde diere word geskiet en water is skaars. Die kind skep 'n glas water en besprinkel die bome in die tuin: *stam vir stam word groengebied*. Saam met die reën kom herstel vir mens en natuur, maar 'n dekade later verlang die boer steeds daarna om weer beeste te hê. Die plaas word met Kanaän vergelyk: daar is weer melk in die glas en *al wat hierdie plaas nou kort is 'n heuningby*. Dieselfde tematiek van aftakeling en herstel na droogte, word ook in die gedig, "waar lewe is, daar is water", herhaal.

Getuienis praat van sowel letterlike as abstrakte herkenning. "verse" handel oor 'n werklike huisbraak en poging tot moord op 16 April 2005. In werklikheid het die betrokkenes (soos in die gedig) wakker geskrik met drie inbrekers in die huis en 'n beesklok wat waarskuwend lui. Wanneer die geliefde aangerand word, wil die sprekende ek ontvlug *na die plaas van my geheue*, na 'n vorige bestel van veiligheid en geluk. Sy hoop op herstel na liggaam en siel, vir mens en natuur, soos gekenmerk deur die geliefde wat *terugkeer na die soetdoringboom*, die nagapies wat *amber suig*, die boerin wat *biddend boorde snoei* en die beeste wat wei in *bloubuffelgras*. Die vader in die gedig (wat by implikasie ook 'n beskermmer is, omdat dit sý beesklok is wat hulle gewaarsku het teen die gevaar) sal 'n geestelike lied fluit, totdat daar 'n einde kom aan alle vrees en liefde weer benoem word in die vorm van boerdery en poesië (*verskalwers en verse*).

"Credo" is 'n verklaring van die taalkundige en psigiese prikkels wat die digter motiveer om te skryf. "Credo I" stel die vrae: Waar kom ek vandaan en waarmee dig ek? Die antwoord blyk reeds uit die openingsreël: *met niks, net woorde*. Dit word gevolg deur die opnoem van 'n rits taalvoorouers: *die tongval van my volk*. Daar word ook ligtelik gespot met die noordelike dialek van die land. Ten slotte word erken: *Afrika is in ons stem*.

"Credo II" wil weet: Vir wie dig ek en waarom? Na die dubbelpunt volg 'n uiteensitting van al die *baarmoermense* waarvoor daar geskryf word. Onder hulle is daar skuldiges (*politici, slegters, kafferhaters, skrifgeleerdes van 'n gramskapgod*), maar ook slagoffers (*taalonderwysers, 'n dowe koster, tonglose profete, 'n vismotvrou, ontmaagde kleuters en prostitute*). Dit blyk dat die digter namens diegene wil skryf wat op die een of ander wyse beskadig, *geredigeer, geradbraak, gebreinspoel of huilend* is en daarom nie hul eie pyn kan definieer nie. Ten slotte maak sy dié Messiaanse verklaring: *Kyk, ek ry op 'n disleksiese*

donkie,/ in my hand 'n Woord, 'n swaard:/ ek skryf om heel te skryf / want my hele wese weersin geweld.

Hierdie verklaring berei ons voor vir die afdeling "Karkaskaal" wat handel oor die langsame proses van slagting tot genesing.

University of Cape Town

4.2 Karkaskaal: van slagting tot genesing

Die Franse psigoanalisis, Jacques Lacan, debateer in *Aggressivity In psychoanalysis* (1949) dat dit onmoontlik is om aggressie en dood afsonderlik van mekaar te verstaan: "Aggressivity undermines, disintegrates; it castrates; it leads to death" (Boothby, 1991:40) (My kursief).

Die gedig "halflyf" speel intertekstueel in op die verhaal van Hansie en Grietjie. Die oorspronklike gedig is in 1993 geskryf, nadat 'n skoolvriendin se stiefma haar die huis verbied het as gevolg van haar betrokkenheid by satanisme. Die gedig dokumenteer die afwaartse spiraal van leuens, selfmarteling, seksuele geweld en wraak wat in die gedigkonteks beskou word as *die liegste sprokieslieg*.

Die konsep van wraak wat volg op seksuele misbruik word voortgesit in die gedig "vrugloos". 'n Teenstrydigheid is daarin geleë dat die betrokke vrou in die gedig geontseksualiseer word *deurdat sy nakend is*. Dit gaan dus nie alleenlik oor die seksuele nie, maar veral oor liggaamlike weerloosheid en die pynlikheid van geweld.

Tradisioneel verteenwoordig die vrug die baarmoeder, omdat dit saad dra en uit 'n binneste en buitenste vorm bestaan. Argetipies is vrugte draers van lewenspotensiaal. Om "vrugloos" te wees, is om beroof te wees van skeppende lewe. Wie is die rower? Die verkrachter wat ook as die *nagbang* bekend staan. Geweld word begroet met geweld: waar Grietjie die *heks in die oond neuk*, sien ons die slagoffer in "vrugloos" *gryp die donker aan die keel/ en gooi hom teen die vloer/ sodat hy 'n boggel groei op sy rug/ wat skramsweg lyk na 'n verrotte vrug*.

Die negatiewe animus in die vorige vers word 'n *maandief* genoem en die jagter in "karkaskaal" het 'n *vuishou/ in die maan geslaan*. Die maan, as simbool van die baarmoeder en sikliese ruimte van die vrou, word op gewelddadige wyse beskadig. Dit blyk dat die aangesprokene die terugkeer van die jagter verwag en hom skynbaar voorbereid inwag met 'n *hamas voor haar hart*. In werklikheid is sy nie opgewasse teen hom nie, maar so *karkaskaal* soos 'n prooi wat reeds geslag is.

"Mensmessias" kan tematies beskou word as 'n opvolgedig van "karkaskaal". Teenoor die jagter, die vernietiger, staan die Mensmessias *solied en gesond*. Hy

wil Homself offer vir die aangesprokene se pyn (*keelseer en kneusvel*), maar: *snags volg sy die spoor/ na die strik/ waar haar slagting/ na rou biltong ruik;/ waar sy reep vir reep/ soos lokaas/ van laas seisoen se jagters/ hang*. Hoewel die aanvanklike trauma verby is (soos af te lei uit *laas seisoen*), word die destruktiewe gedragspatroon doelbewus herhaal. Waarom?

Die psigoanalisis, Sigmund Freud, formuleer in sy revolusionêre tesis, *Beyond the pleasure principle* (1920), sy teorie van *der Todestrieb*, vertaal as die doodsinstink of die doodsdrang. Freud noem die fassinasië met die dood tereg "a sensation of sorrow and horror." Hy stel die vraag: As plesier die einddoel van die psige is, waarom word spesifieke traumatiese gebeurtenisse doelbewus deur die individu herskep en herleef? In die konteks van "karkaskaal" en "Mensmessias", kan ons vra: Waarom word die jagter ingewag? Waarom volg die aangesprokene snags die spoor na 'n pynlike verlede? Freud verklaar die fenomeen van kompulsiewe herhaling van pyn, oftewel *der Wiederholungszwang*, as 'n misterieuse, masochistiese neiging van die ego (Boothby, 1991:3). In masochisme word pyn en plesier subliminaal vervleg. Hy benadruk die feit dat daar met elke geval van kompulsiewe herhaling van pyn 'n onderdrukte herinnering en 'n onbewuste drang "to restore an earlier state of things" teenwoordig is (Boothby, 1991:74) (Freud se kursief).

Vanuit die Freudiaanse perspektief beskou, kan ons redeneer dat die aangesprokene die trauma op 'n paradoksale wyse herskep, juis omdat sy ontslae wil raak van die herinnering. Estés se holistiese benadering is hier insiggewend: "The body remembers, the bones remember, the joints remember, every little finger remembers... Anywhere the flesh is pressed, wrung, even touched lightly, a memory may flow out in a stream" (1992:198).

In "blougrond" het ons te make met die verwagting van emosionele sekuriteit ('n *onwaarskynlike kombuis*) van 'n vrou wat hoop op 'n huwelik en *delf na 'n droom sonder naam*. Weereens maak die Mensmessias van die vorige vers 'n onverwagse verskyning, dié keer in die persona van 'n myner wat omring is deur edelstene. Hy hou 'n diamant na haar uit. Hierdie gedig sluit aan by die tradisie van die bruidsmistiek, waar die verhouding tussen God en mens gemetaforiseer word as 'n verhouding tussen bruid en bruidegom.

Die gedig, "Kruis" is geskryf na aanleiding van 'n visioen wat ek in 1999 gesien het: met 'n skeermeslem is 'n kruis oor die gesig van Christus getrek. Straf word verwag (voor 'n vuurpeloton), maar groot is die verrassing wanneer Christus die bloed gebruik om 'n masker oor die skuldige se gesig te verf. Hy stuur die *viekrooi ontmaskerde* weg met die opdrag om *Sy oorwinning* oor lyding te vier. Hierdie gedig sluit aan by die surrealistiese tradisie - hallusionêr en grillerig - en werp terselfdertyd lig op die kompleksiteit van genade.

Dood lei tot nuwe skepping en teks skep teks. Konsepte wat herleef, getuig reeds van dié sikiese gang. Ter verduideliking van die prikkel wat gedien het vir die reeks "Vyf odes aan die onbekende meisie wat vyf jaar gelede verkrag is", stuur ek 'n e-pos aan my studieleier, professor Joan Hambidge, in wie se kursus die lees van koerante verpligtend is: "Die laaste keer wat ek koerant gekoop het was vyf jaar gelede. Daar was 'n berig van 'n eerstejaarstudent wat in my straat verkrag is deur agt karwassers. 'n Glasbottel is in haar opgedruk - donners brutaal - toe is sy verlam. Lewend dood op agtien. Dit het my so ontstel, ek het gedink ek raak mal."

Hiermee erken ek by implikasie my vrees om die geweld van die land in die oë te staar én my vrees om nie te staar nie. In 'n poging om die trauma te verwerk, word dit gefiksionaliseer in 'n reeks gedigte wat die proses van slagting tot by oorwinning omskryf. Gedigte neig hierom na die fantasmagoriese, wat lei tot die ontstaan van spanning tussen werklikheid en illusie.

Fiksie gaan oor 'n kwasi-verlede, maar soms beweeg die werklikheid en fiksionele onrusbarend na aan mekaar. Op 16 April 2005, twee weke nadat ek "Vyf odes aan die onbekende meisie wat vyf jaar gelede verkrag is" voltooi het, word daar by ons huis ingebreek. My man word aangerand en drie gewapende mans agtervolg my in die donker. Die polisie beskou die saak as poging tot moord en spekuleer oor die moontlikheid van 'n verkragtingsmotief.

Die eerste gedig in die reeks, "beëlsebul" (god van die vlieë) vergelyk die verkragters met *roofvlieë* wat die slagoffer se liggaam soos 'n huis infilteer. Slegs haar swye getuig van die trauma. Doodgeswygde pyn en gepaardgaande geheimhouding is waarskynlik die grootste vyand van die psige. Om hierdie rede wil ek dig: om die pyn te definieer waarvoor die slagoffer nie woorde het nie. "[To]

help to drag out the secret for... it makes a wound that will not heal until the matter is given words and witness" (Estés, 1992:377).

"soms is die nag 'n rondloperleeu" is gebaseer op die Sepêdi-filosofie van "Motho ke motho ka batho": 'n Mens is 'n mens deur ander mense. Die ganse gemeenskap is betrokke by die lot van die verkragte. Broers, vaders, moeders – almal gee raad vir die hantering van die trauma. Die skuldige word beskou as 'n *rondloperleeu*, 'n *plunderaar*. Die broers se voorstel om 'n naboombkraal om die stat te plant en dit stukkend te kap indien die indringer terugkeer, is gegrond op 'n ou Tswana-gebruik. Vir die slagoffer lyk die toekoms egter duister: selfs die sterre herinner haar aan roofvlieë. Die brullende leeu bevestig haar vrees dat sy verniet op beter dae wag.

In "waterdoop" maak die Verlosser-argetipe egter Sy verskyning. Met groot versigtigheid probeer Hy die slagoffer se vertrouwe wen, soos blyk uit *Sy sagte spoor 'n hunkering*. Inderwaarheid is hierdie 'n oproep tot inisiasie in die *waterplek/ wat Hy bewoon*. Haar besluit om op die waterbok se rug die rivier in te ry, impliseer dat sy van nuuts af soos 'n kind ('n *somerkalfie*) moet leer om haar *watervrees* te oorwin.

Waterbokke is geneig om na 'n rivier te vlug en onder die water te swem wanneer gevaar dreig. Tydens die waterdoop beleef die inisiant 'n soortgelyke introspektiewe afdaling. In samehang met die sogenaamde skyndood, is daar die assosiasie met voorgeboortelike vrugwater. Die waterdoop-inisiasie bring om hierdie rede hergeboorte, nuwe lewe en wording. Verder dien doop as primordiale simbool van die opstanding van die siel uit die onderwêreld wat lei tot die staat van *ex nihilo* – anderkant die dood.

Dié sikliese konsep van viriliteit ná die dood, lê aan die hart van hierdie reeks. Nadat die inisiant opgewek is uit die skyndood, weet sy wat benede die onbewuste lê. In die feesviering wat volg, soos beskryf in "daardie nag sal die vuurvlieg 'n bosbrand wees", keer die inisiant terug na haar tuisstat. Sy word ingewag met 'n feesmaal, musiek en wuiwende fakke. Die hele gemeenskap, sowel mans as vroue, is betrokke by die fees. Dít dien as bewys dat sy nou seksueel volkome is. Ander aanduidings van herstel is die moeders wat borsvoed, die susters se *helder heuprokke*, die bolywe wat wieg en die mans wat

varswater skep waar vuurvlieg flikkerend paar.

Die *stofstrate is blink gegee*, omdat die inisiant 'n nuwe status verkry het: dié van 'n *leeujagter of leeuvinger*. Die inisiant identifiseer dus nie langer met die slagoffer-argetipe nie. Sy baseer nie haar sielsidentiteit op die verliese en oorwinnings van die verlede nie. Sy transformeer steeds: "...after survivorship, to healing and *thriving*" (1992:195) (*Estés* se kursief). Deur my gedigte wil ek die lot van die verkragte as slagoffer ontpatologiseer, want "goodness is more primordial than evil" (Ricoeur, 1969:156).

'n Inherente teenstrydigheid in die teks wat die leser se aandag nie ontsnap nie, is die uitbeelding van die verkragte as 'n slagoffer én heldin. Die vyf odes kan hierom nie gelees word as 'n poging tot ontmistifikasie nie. Die teenoorgestelde is waar: die inisiant word uitgebeeld as meer charismaties nádat sy die siklus van slagting tot genesing voltooi het. Sy ontwikkel in 'n beskermmer van haar gemeenskap, 'n ligdraer; sy durf die leeu aan met 'n *vlammeende tak*. Dit berei ons voor vir die idee van die inisiant as bonatuurlike wese – 'n konsep wat sterk inspeel op onsterflikheid of ewige lewe.

Mitologie maak gebruik van bestaande simbole en geskiedenis. Die gedigte in hierdie afdeling handel nie slegs oor die verkragting van die individu nie, maar ook oor die geweldadige "ontmaagding" van 'n hele gemeenskap. Die inisiant teenoor die verkragter kan verteenwoordigend wees van die konflikstaat tussen die vredemakers en misdadigers in Suid-Afrika. Voorts kan ons die gedigte ook in verband bring met die beginsel van skeppende krag wat heers oor dood.

Die digter tree op as *voyeur* van verkragting en genesing. Maar waarom word die verhalende vers as medium verkies? *Estés*, wat 'n doktorsgraad in etnies-kliniese psigologie behaal het, stel haarself voor as *cantadora*, bewaarder en verteller van volksverhale. Sy getuig dat verhaalkuns in wese genesend is. Hoewel sy die agtergrond van die leser of gehoor in ag neem voordat sy 'n verhaal vertel - die etniese groepering, ras, religie en waardesisteem - is dit juis die universele aard van verhale wat dit 'n geskikte terapeutiese medium maak. Hiermee gaan Robert Fraser akkoord: "Narrative is a mode of reconciliation, of healing, and of self-forgetfulness... At one level your ethnic or cultural background must influence your response to the linguistic medium. This is one reason why transparency in

the telling can be not simply an artistic, but moral and political obligation as well.
Once beyond words... stories are nation-blind" (2002:102).

University of Cape Town

4.3 Ewenaar: die geliefde as reisgenoot

"Ewenaar" is 'n dokumentering van die ontwikkeling van my liefdesverhouding en huwelik met Gerrit van Niekerk. Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal gee die selfstandige naamwoordbetekenis van ewenaar as 'n "denkbeeldige sirkel om die aarde presies in die middel tussen die twee pole", terwyl die werkwoordverklaring lui: "n gelyke prestasie behaal" en "gelykwaardig wees met." Wanneer ewenaar dus as metafoor vir 'n liefdesverhouding gebruik word, skep dit assosiasies met reis (die ekwator) en die volkome balans tussen die twee helftes wat naas mekaar lê. Hierom vind ek Rainer Maria Rilke se benadering in *Letters to a young poet* insiggewend: "Love consists in this: that two solitudes protect and border and greet each other" (1984:78) (my kursief). Ook stel Rilke die balans tussen interafhanklikheid versus onafhanklikheid duidelik: "Man and woman... will seek each other not as opposites but as brother and sister, as neighbours, and will unite as *human beings*" (1984:41) (Rilke se kursief).

'n Poëtiese selfportret wat ek by herhaling skilder, is dié van die reisgenoot. Al drie en twintig verse in die "Ewenaar"-afdeling geskied binne die konteks van reis. Die pelgrimsfiguur - 'n soort trekvoël of ontdekker - word getransformeer tot metafoor vir die psigiese ruimte van die digter. Omdat die gedig self 'n reisproses is, het ons hier te make met 'n reis-sonder-einde.

Die titel van hierdie versameling verse, *die vloedbos sal weer vlieg*, suggereer alreeds die reismotief. In *The dictionary of symbols* van J.E. Cirlot, word die vlieg-aksie omskryf as "the pleasurable sensation of movement in a medium that is more subtle than water" (1962:109). Die verhouding tussen vlieg en water betrek dus ook die "vloedbos" in die titel. In talle van my gedigte is daar 'n behepthed met vlieg. Voëls soos die geelvink, rooivink, visarend, lemoenduif, papegaaiduif, laksman, bosluisvoël, glansspreeu, houtkapper, naguil, flamink, wildegans, albatros, aasvoël, roofvoël en kersfeeskalkoen maak telkens hul verskyning. Ander gevleueldes soos die engel, vlermuis, roofvlieg, bokkraalvlieg, vuurvlieg, sonbesie, stokgogga, toktokkie, tor, vlinder en naaldekker, beweeg soos 'n refrein deur my werk. Ook die vliegtuig berei ons voor vir die beeld van die reisiger.

In *Dictionary of symbols and imagery* stel A.D. de Vries dit duidelik: "Nearly all

birds are prophetic in their flight or behaviour" (1979:17). Verder is die voël 'n simbool van onsterflikheid en heiligheid, omdat vlerke die kenmerk van hemelwesens is. Die engele van krag en beskerming word ook verbind met lug, die wind en die voortekens van redding en vrymaking. Die verwysings na trekvoëls onderstreep die nomadiese aard van die geliefdes en die vrye vers is die geskikte vorm om hierdie egalige vloeiing te komplimenteer.

Die voorafgaande bevestig dat die geliefdes in gedigte soos "Jy is meer as die musiek" en "Gevleueled", metafories gelyk gestel word aan grensloosheid en onseibaarheid. Daar is 'n voortdurende vliegbeweging van een dimensie na 'n ander. Die oorskryding van grense – geografies, kultureel, spiritueel en emosioneel – kan met vrug herlei word na die mite van die digter as reisiger.

Die "Tweespoor"-reeks fokus veral op die Europese reis: Italië, Nederland, België, Frankryk, Skotland, Wallis en Engeland figureer in gedigte soos "Smul", "Ewenaar" en "Dak". Buiten die geografiese merkers, is daar ander herkenbare verwysings, soos kersiesigare en boogskutters, wat gelees word as uittreksels uit 'n reisjoernaal. Die gedig "Ewenaar" is soos 'n grenslyn in die middel van die reeks geposisioneer: na 'n jaar saam oorsee, moet 'n besluit geneem word oor die volgende *twaalf maande* wat soos *dissipels wag/ op 'n koers om in te slaan*.

Die grootste hoeveelheid liefdesverse gebeur egter in die ruimte van Afrika, waarskynlik vanweë die feit dat ons vriendskap eers met die terugkeer na Suid-Afrika in 'n liefdesverhouding ontwikkel het. In 'n gedig met die paradoksale titel, "n Houtkapper wat bome plant", word die geliefde vergelyk met 'n rivier van Venda en bome wat eie aan Afrika is. Die mopanie en kremetart dien hier as argetipiese simbole van 'n vrystaande, standvastige manlike psige – *geheimsinnig, dapper en sonverlig*. Die *kronkelslang* of *luislang* wat hierdie "boom-wees" van die man wil bedreig, word deur beide hom en die vrou beveg.

"Watervalkloof" verwys na ons instelling om elke naweek 'n Kaapse berg te klim. Vanweë die natuur se lewegewende kwaliteite, word die aksie van bergklim as 'n geboorteproses omskryf. Die berglandskap word ook as 'n erotiese entiteit ervaar met *swartwortels/ soos skaamhare*. Estés tref 'n soortgelyke vergelyking wanneer sy skryf: "Climbing to the tops of trees taught what sex would someday feel like" (1992:3).

“Voorlaaste maand” is gebaseer op 'n tydperk van afsondering in die Okovango delta, Botswana, die maand voor ons verlowing. Vir drie dae het ek heeltemal alleen op Makwena-eiland gebly – bekend vir krokodille, seekoeie, slange en malaria – terwyl die res van die toergeselskap per kano verder reis. Met die bewuswording dat die tyd vir trou spoedig nader kom (soos gesuggereer deur die *wasige muskietnet/ soos 'n bruidsluier*), is daar baie nagedink oor die verhouding. Eers wanneer die seekoei as metafoor van twyfel *sugtend wegsak in sy kuil*, breek die spreekwoordelike son deur en kom die ek-karakter tot die gevolgtrekking: *soos Afrika is die geliefde ook oor grense heen:/ vlees van my vlees/ en been van my been* (Genesis 2:23).

In die vyf “Namib”-verse word die woestyn telkens teenoor vrugbaarheid gestel. In “Stof” dien die naderende reën as simbool van die orgasmiese. Wanneer die jagluiperd laatnag sy *blomspoor* in die modderpoel los, weet ons ejakulasie het plaasgevind. 'n Donderstorm breek uit oor die woestyn, wat voorheen 'n plek van *droë water* was. Ook in “klei” word die erotiese aan reën gelykgestel. 'n Miershoop bult soos 'n ereksie uit die veld en die skep van 'n kleibeeldjie word 'n sensuele belewenis, soos benadruk deur die klam *tong teen verhemelte*.

“Oerklip” handel oor die sogenaamde versteende woud in Twyfelfontein en die rotsformasies van die Visrivier-canyon in Namibië. Die vroulike liggaam word getransponeer na 'n geologiese en argeologiese ruimte in die woestyn, met talle verwysings na die sensuele, soos onder meer die *broospienk saad en lagplooie en kurwes/ waar die wind haar warm vryf*. Die oomblik van ejakulasie word in die slotakkoord verwoord: *Sien, ek pak jou vuurstene/ binne-in my buikspelonk:/ onder jou hande se singende warmte/ groei songebakte dennesaad*. Hieruit lei ons af dat seksuele vervulling net soveel van 'n verrassing is, as dennesaad wat groei in 'n woestyn.

Die gedig “turksvy” leun op die antropologiese ontdekking van die rotstekening van die sogenaamde White Lady naby Brandberg in Namibië. Dié witvrou, skynbaar vergete, dien as metafoor vir die seksuele oriëntasie van die sprekende ek. Soos die rotstekening, was die spreker ook eens 'n “vrou van klip”: haar borste blind, haar heupe stil, haar buik 'n *songedroogte turksvy*. Die onverwagse, speelse springbökkies bring egter 'n wending. Regdeur die “Ewenaar”-afdeling

word die geliefde met bome en wildsbokke vergelyk. Wanneer die springbökkies hul verskyning maak, lei dit tot sintuiglike herlewing: die vrou ruik die man se klere, hoor sy gelag en proe die *ryprooi turksvy* (argetipiese simbool van die vagina) wat hy uit haar mond eet. Ook sien sy sy *baard vol sonbesies*. Die genoemde baard beskik oor 'n eie mitologie: dit word gekoppel aan onafhanklikheid, gesag, die primitiewe en hermitiese eienskappe en kan weereens herlei word na die tradisionele portret van die swerwer. Die verwysing na *varswater*, 'n *boorgat* en *onderwaterstroom* in die woestyn, dui op die suiwer, standhoudende en kreatiewe vloeiing tussen die geliefdes.

Fasette van die natuur as geskikte ruimte vir eenwording word in “die warm bergwind van jou naam” aangebied. Die karakters in die gedig bevind hulself in 'n mitologiese landskap. Om nakend te beweeg in 'n paradysagtige kuswoud, dui op 'n tydlose toestand wat in mitologiese terme onsterflikheid impliseer. In teenstelling met die *plantasie* (stagnasie) wat die *oumansbaarde* (simbool van suiwer lug en kreatiewe lewe) vernietig, vind ons dat die aangesprokene volkome vry (soos 'n *bergwind*) deur die inheemse woud beweeg. Hy voed die vlermuise en voëls met vrugte en pluk selfs blomme in die winter. Hieruit kan ons aflei dat hy die spreker inderwaarheid verkwik, soos wat die natuur haar verkwik. Wat meer is: self word hy die landskap – sy arms, sy skelet, alles herinner haar aan 'n boom. Wanneer die walvisse paar, is dit asof die ganse natuur saamwerk tot die eenwording van die geliefdes.

Soos wat die subtitel aandui, handel “ontskulp” (wat assosiatief ook as “onskuld” gelees word) oor 'n wittebrood op Benguerra-eiland in Mosambiek. Die frase, *keep streep/ soos 'n kiespleet/ oor die kurwe van my voet*, berei ons voor vir die konsep van 'n pynlike eerste seksuele ervaring. Ten spyte van die pyn is dit duidelik dat die spreker gewillig deelneem, soos blyk uit die herhaalde *wou ek* en veral: *wou ek jou die eerste maak/ wat my ontskulp*. Ten einde word die seksuele as 'n *gawe* en as helend ervaar.

“n man het vir die see vertel” is die enigste gedig in *die vloedbos sal weer vlieg* wat vanuit die manlike perspektief geskryf is. Die man gee 'n gedetailleerde beskrywing van sy vrou se sensuele ontwaking: haar aanvanklike huiwering en groeiende vrymoedigheid word in skulp-terminologie verwoord. Ons weet dat die man daarin slaag om die vrou se vertrouwe te wen en haar te bevredig wanneer

ons ten slotte lees: *sy het geswem onder my vel.*

In “toe het die vrou haar man beken” is die vrou aan die woord merkbaar verras, omdat die gevare wat sy verwag het, afwesig is. Haar geloof oor seks was gegrond op mites van *seemonsters*, maar by haar man is daar geen bedreiging nie. Die teendeel word beklemtoon deur die vergelyking van die fallus met 'n sensitiewe *harpskulp* en *purperslak* of 'n *geheime stervis* wat snags *suutjies* en *gevoelig* deur die *diepsee* swem.

“die slaapbroek” is op dieselfde insident as “verse” gebaseer. Waar die sprekende ek in “verse” wou vlug na die plaas van haar kleintyd, wil sy nou ontvlug in die herinnering aan die wittebrood in Mosambiek. Die prikkel vir die herinnering is die wit slaapbroek van die geliefde (*soos 'n jaaroud lam*) wat na afloop van die aanval *bebloed is soos 'n maagd*. In 'n poging om te verhoed dat die vrou aangerand word, het die man homself geoffer. Op 'n soortgelyke wyse wou hy gedurende die wittebrood verhoed dat sy bloei tydens die eerste seksdaad. Die aanvallers word as 'n hondagtige trop beskou, wat daarin misluk om die blywende *skoonheid* (liefde en hoop) te steel. Pogings word aangewend om terug te keer na 'n vry bestaan - die voordeur word oopgelos. Alhoewel die skakeling tussen die geliefdes *vrylik* is, is hulle vrese steeds sluimerend *op die vensterbank*.

Watter strategie volg die metafoer in “die slaapbroek”? Wat is die funksie van die wildsbokke wat troos bring? Metaforiese taal skep 'n nuwe beskouing van realiteit, 'n toegang wat die moontlikheid van hoop insluit. Die afstand tussen afgeslote idees word verbreek en ooreenkomste word op verskille gebou. “With metaphor we experience the metamorphosis of both language and reality” (Ricoeur, 1978:133).

Hoewel die reistema die vernaamste stramien van die liefdesverse vorm, word die karakters nooit voorgestel as daklose pelgrims nie, maar wel as reisgenote vir wie die reis net so belangrik as die herberg is. Hiervan is “die herfshuis” 'n helder voorbeeld. In metaforiese terme sluit hierdie gedig aan by “die slaapboek”, deur die terugkeer van die *rondlopervos* en wildsbok (*klipspringer*). In “die herfshuis” word vreugde uit 'n eenvoudige huislike lewe geput, met die *papierdoringboom* wat as agent vir die skryfkuns optree. Die *gom van die wonde/ op haar stam* is

oefbaar en tekenend dat ou pyn verwerk is en nou as voedsel aangebied word. Wanneer die geliefdes mekaar se hare by kerslig was, dui dit op 'n suiwing en verligting van die ander se gedagtes.

Om die self in eenheid met 'n ander te sien, kan verkeerdlik geïnterpreteer word as die miskening, verloëning of ontmitologisering van die self. In hierdie liefdesverse dien die sterk eenheid tussen die geliefdes egter as katalisator vir groeiende individualisme. Rilke eggo hierdie uitkyk wanneer hy skryf: "Loving does not at first mean merging, surrendering and uniting with another person... It is as high inducement for the individual to ripen, to become something in himself, to become a world in himself for the sake of another person" (1984:69).

University of Cape Town

4.4 Groeikrag: die spel tussen natuur en bonatuur

Die sintuig wat die meeste fokus in my gedigte geniet, is sig - gevolglik gee ek ook aandag aan die onsigbare. Die veertien verse in die "Groeikrag"-afdeling val meestal binne die konteks van Afrika. In verse wat afspeel in Malawi, Zimbabwe, Mosambiek, Zambië, Botswana, Namibië, Venda, Transkei, Zoeloeland en Suid-Afrika, word God telkens as 'n persoon met intense deernis uitgebeeld, wat die mense van Afrika beskerm, versterk en voed.

In 'n poging om abstrakte konsepte te verkonkretiseer, geskied vergeesteliking deur middel van die natuur. Byna al die gedigte in die "Groeikrag"-afdeling maak gebruik van die simboliek van bome. Die woord "boom" kom sewe en dertig keer in *die vloedbos sal weer vlieg* voor – dit is buiten die verwysing na verwante soos vrug (twintig keer), takke (sestien keer), stam (veertien keer), bos en blare (elk twaalf keer), saad en peul (elk sewe keer). Die boom is die simbool van verbesondering; dit word as onsterflik beskou, omdat sade kan herleef en wortels en takke kan uitloof selfs ná teespoed soos droogte of vuur. Cirlot wys daarop dat assosiasies tussen bome en bonatuurlikheid besonder algemeen is: "In its most general sense, the symbolism of the tree denotes the life of the cosmos: its consistence, growth, proliferation, generative and regenerative processes. It stands for inexhaustible life, and is therefore equivalent to a symbol of immortality" (1962:347). Die boom, met sy ondergrondse wortels en takke in die lug, simboliseer dus 'n verhevenheid en word in verband gebring met ander simbole soos die berg, wat weer in verhouding staan met die hemelse, aardse en onderaardse. Die boom wys ook heen na die kruis. Christus word dikwels in Christen-ikonografie as die Boom van die Lewe uitgebeeld.

Soos 'n boom in *kapseisoen* is die broer in "tweeling" ook *af-arm, onhandig en blind*. Verspeelde kanse word met 'n *verlore jaarring* vergelyk. Daar word 'n beroep op Christus gedoen om die genesingswonderwerk van modder aan die oë (Johannes 9:6) te herhaal.

In "spruit" en "Groen vingers" val die klem op die Skepper van die natuur (die ganse natuur *spruit* uit *Sy Drievoud*), terwyl God as 'n boomklimmaat optree in die verhalende vers, "Nomvula, Nomvula, kom speel met My". Hierdie gedig speel in op die folkloristiese *genre* en beskik oor 'n eie mitologie: eers bring Hy *boomgoed*

in Sy *offerhand* om sodoende die kind se vriendskap te wen, dan sit Hy bo in 'n boom en vleg self die kransie vir die kruisiging. In teenstelling met Sy hande wat *rou gestroopte bas* is, is die doringkransie volkome - *sirkelrond en sterk en heel*. Wanneer die kind roep *klim af, klim af*, vra sy Hom inderwaarheid om af te klim van die kruis, maar dit is onmoontlik, want: *in Jou lê die liefde/ soos 'n saadvrug in 'n peul*.

In "Stamboom" word die voorvaderaanbidding van die VhaVenda as deel van 'n alledaagse bestaan aangebied, soos af te lei uit die *begraafplaas langs die sokkerveld*. Ons vind tekens van voorspoed in Venda: 'n vol mieliesak, gekleurde krale, vet beeste – maar dreigende gevaar manifesteer in die volksmitologie wat handel oor die wit leeu van die woud en die luislang van Fundudzimeer waarvoor jong meisies geoffer word. Die woord *kafferboom* word ironies bedoel en die betekenis van *bloeiend* is tweeledig. Eerstens suggereer dit dat die ou tradisies steeds floreer en andersins dui *bloeiend* op die bloed wat gestort word tydens offers.

In Hebreeus en Aramees word daar tussen passiewe en aktiewe profetering onderskei. *Nataf* (Strong's 5197) kan letterlik vertaal word: "om te wag op reën vanuit die hemel" of "om te wag op verkwikkende inspirasie". Fasette van die ek-God-verhouding wat uitmond in 'n ek-kosmos-verhouding, word aangebied in "die klippe val boontoe". Die datum as subtitel suggereer dat ons hier met 'n werklike gebeurtenis te make het. Aan die einde van 'n lang droogte versamel vier vriende op 'n berg en wag op reën ("verkwikkende inspirasie" of *nataf*). Na afloop van emosionele en geestelike aktiwiteit – hulle bulder, huil, sing en fluister – transformeer die landskap tot 'n organiese ritueel. Die gedig steun op twee bybelse intertekste: *as ons stilbly, sal die klippe dit skree* (Lukas 19:40) en *die hemel het soos 'n voorhangsel geskeur*. Laasgenoemde vergelyking het 'n dubbele betekenis: eendersyds dui dit op die voorhangsel tussen die Heilige en Allerheiligste van die tempel wat geskeur het tydens die kruisiging (Lukas 23:45) en andersyds klink donderweer soos 'n lap wat *skeur*.

"spoor: 'n inisiasie" handel oor die bevestiging van geestelike identiteit. Die proses word op 'n visionêre wyse beskryf: die *gewelf* skuif oop in die woestyn soos 'n *halfbeeld in 'n koorsdroom*. Die geruis van vlerke in die tweede strofe, stem ooreen met die *veer van 'n reënvoel* in strofe sewe. Die inisiant meet haar

geestelike groei aan die grootte van haar voetspoor. *Die Hoop/ groter as 'n man se hand*, dui op 'n hoop op spirituele verkwikking in die vorm van 'n wolk of reën in die woestyn.

“kliktaalmense” handel oor die ou gebruik van die Sanvolk om in tye van hongersnood die bejaardes, verswaktes en kinders (*velbeendogtertjies*) agter te laat en verder agter kos aan te trek. Die spreker word deur die Voorsiener die woestyn in gelei met water in 'n volstruisdop en die genesende, voedsame narraplant. Die doel van hierdie intog is om die *wankelendes* en *stemloses* in die woestyn te voed. Hierdie gedig kan verstaan word as die begeerte van die digter om mense met die digterlike woord te voed. Só beskou is die *varswater in die strooitjies van 'n duinriet* ook 'n simbool van die digterlike pen. Die gekleurde grot waarin die hulpeloses neergelê word, dien as primordiale ruimte vir die onbewuste en is ook 'n baarmoedersimbool. Gevolglik het selfs die *kinderlose ma 'n vroedvrou* aan haar sy.

Dit is asof die naby-dood-ervaring van woestyninwoners die sprekende ek forseer om buite haar bewustheidsdimensie te beweeg. “kliktaalmense” kan hierom beskou word as 'n beskrywing van die proses wat plaasvind tydens inisiasie: die worsteling in die woestyn, die bewuswording van nood, die aanneming van 'n posisie in die (digterlike) gemeenskap en die uiteindelijke deurbraak: *die klippe sal kraak van water/ en die ganse grot sal weergalm van droom.*

In die verhaaltjies “As Jy weer hierlangs kom” vind die wederkoms plaas terwyl die boer, werfvrou, outata, plaasmeisies en kind met alledaagse take besig is. Ons vind subtiele aanduidings dat dit wel 'n bonatuurlike ontmoeting is: Sy skaduwee val soos 'n *watermerk* oor die boer se gesig; Hy verskyn soos 'n *wonderwerk* aan outata; die wilde diere eet *weerskante van die hek* uit Sy hande, wat die verbreking van grense aankondig. Omdat Hý teruggekeer het, kan die kind in die slotstrofe die utopiaanse verklaring maak *dat dit volmaan is/ en sy die pad/ huis toe ken.*

Die herstel van Eden, die staat van onskuld of die Nuwe Aarde, kom in vele van my verse voor. Waarom? Ricoeur lewer indrukwekkende insigte: “Utopia is a form of poetic vision which, like metaphor, shatters the present order of things... Narrative utopia sketches a vision of the future that gives society its goals...”

Utopia is a passion for what is socially possible" (1981:106). 'n Gesonde gemeenskap het 'n konkrete ruimte nodig om te funksioneer én die verwagting van 'n utopia om die konkrete draaglik te maak. Soos in die geval van "As Jy weer hierlangs kom", sien Ricoeur die potensiaal vir utopia in die wederkoms: "The Expectation of the Kingdom to come shares something with the positive concept of utopia... The root of faith is somewhere near that point where Expectation springs forth out of memory" (1981:112). In die artikel, *Myth as bearer of possible worlds*, is Ricoeur van mening dat aardse vryheid onmoontlik is sonder kennis van die hede én die verwagting van die hemelse: "Without a sense of the past and present, we will lack concrete paths to utopia. Without utopias, however, we will forever be slaves to the past and present" (1984:30).

Ro'eh (Strong's 7200) is 'n profetiese uitlewing wat verwys na die gawe om visueel te sien - vandaar die benaming, "siener" - en kan onderskei word van *chozeh* (Strong's 2370) wat beteken "om te staar met die verstand". Laasgenoemde dui op die toestand van die visionêre persoon wat kognitief sien, soos gevind in "ware Liefde langs die Wildekus." Hierdie gedig handel oor die verhouding tussen God en mens; God en natuur; mens en natuur; die onsienlike en sienlike; die onverwagse en bewysbare; skoonheid en lyding; afsondering en gemeenskap; die intieme en universele. Die gedig speel af in die visionêre droomlandskap van 'n strandmeer. Water dien hier as simbool van kreatiewe en geestelike lewe. Te midde van die oorvloed wat die spreker beleef (soos vergestalt in die teenwoordigheid van ape, walvisse, dolfyne, krappe en voëls), kry die mense in die omgewing swaar. Die teefhond met die rougeknaagde speen dien as metafoor vir die swartvrou wat water skep vir 'n verhongerde gemeenskap. Die spreker vaar daglank *van die skadu na die gloed*, op soek na Hoop en die digterlike woord. Wanneer die Voorsiener sy *seën* oor die *vloedbosse* uitstort, is daar herstel vir die hele natuur en by implikasie ook vir die gemeenskap.

Treкке van die irrasionele en illusionêre word aangetref in "ware Liefde langs die Wildekus", wanneer die Jy-karakter as 'n volkome werklikheid ervaar word: die spreker *prewel* Sy naam en voor *haar oë* word Hy *vlees*; Hy sing en die bome gee vrugte; Hy stap as Christus oor die water (Mattheus 14:25). Wanneer Hy in die roeiboot van haar ervaringswêreld klim, is dit asof die bo-aardse takke en die onderaardse water mekaar kus – 'n gebaar van intieme verbintenis. Gevolglik is daar deur middel van *chozeh* 'n duidelike beleving van God as sigbare raaisel.

Kwessies soos hongersnood of ondervoeding, armoede, siekte en geweld word veral in die Afrika-verse aangespreek. Vincent Buckley skryf oor dié sosiale bewussyn van die digter: “Social fact is *seen* at its mystical root; we are given an immediate vision of mystical inter-relations perceived in the world of actuality” (1968:136) (Buckley se kursief). “Van kindsbeen af” is 'n gebed tot *Jesu Krestu* om die lot van die *snotneuskinders* te verander; hulle met die rafeltruie en rowelippe, wat skeel en skaam loer; wat speel voor Sy hut en saam met Horn eet. Die hoop is dat Hy hulle een vir een sal ophef, sodat hulle die vrug van goedheid kan geniet: *dat hulle ook die sterre/ soos paw-paws uit die lug mag pluk.*

Wat is Hoop? “To believe in a not-yet-actual form of life” (Keamey, 1984:32). Maar durf ons in tye van radikale lyding steeds hoop op menslike vryheid? Waar lê die grens tussen 'n hoop op sosiale en geestelike moontlikhede en 'n droom wat grens aan patologie? Ricoeur verdedig die fenomeen van Hoop in 'n era van suspisie, ang en wanhoop: “The passion for the possible implies no illusion; it knows that all resurrection is from among the dead, that all new creation is in spite of death” (1970:58). Sonder om dus die waarde van kriticisme te ontken, word daar gestrewe na die restorasie van Hoop, oftewel “the passion for the possible” - Sören Kierkegaard se definisie van narratiewe hoop. In die opstanding uit die dood, sien Ricoeur die moontlikheid van menslike vryheid in die lig van Hoop. Dit het persoonlike implikasies, maar is ook gemeenskaplik van belang in die verwagting van 'n universele opstanding uit kreatiewe, emosionele, geestelike en sosiale doodsheid.

“Dromslag” is 'n tematiese voortsetting van “Van kindsbeen af”. Tydens 'n kersfeeskonsert in Mangweni, was die spreker die voete van bejaardes en jong Zoeloes – 'n intertekstuele verwysing na Christus se opdrag in Johannes 13:14. Ten spyte van eenvoud en armoede, is daar lewenskragtigheid in die gemeenskap *toe die dromslag van Jesu se hart/ ons voete in 'n dans laat brand.*

Ook “Vuur” herhaal die ten-spyte-van-beginsel van die vorige twee verse: daar is betekenis te midde van uitsigloosheid; lewe heers oor dood; ten spyte van lyding, is daar Hoop. Wanneer die dorpie rondom die vuur versamel en sing, verhelder die Hoop: die lyding word sagter, die *omlope* en *uitpeulnaeltjies* lyk nou *minder kras* en self die *ribbeenbrak* is *effe mooi*. Die talle verwysings na lig is

simbooldraers van Hoop: *glinstervlieë, glimwurms, sterre van vuur, vlamgloed, maan, blinkgesig, fakkels en tonge van vuur* wat dui op die uitstorting van die Heilige Gees (Handelinge 2:3).

Die Hebreëuse werkwoord, *naba* (Strong's 5012) dui op 'n ekstatische uitlewing van die profetiese boodskap: "to bubble up, boil forth, hence, to pour forth words like those who speak with fervour of mind or under divine inspirations, *as prophets and poets*" (1980:544) (My kursief). Elemente hiervan word aangebied in "gloeikrag". Die mistieke begeerte om totaal opgeneem te word in die Godheid word verkonkretiseer deur 'n reeks ligbeelde: *vonke, vuurwerke, uitspansel, verhelder, skroei, vuurvliegflikkerlig, veldbrand en vlamrooi*.

Die datum as subtitel van "in die nag het ek Jou naam geroep" suggereer dat ons hier met 'n werklike insident te make het – 'n insident wat ook ontgin word in ander gedigte soos "verse" en "die slaapbroek". Die nag van die inbraak het ek uit die huis gevlug, gevolg deur die drie rowers wat besig was om my man aan te rand. Ek het hulle nie hoor aankom nie, maar toe ek omkyk staan hulle 'n meter van my af, die skerp ysterstawe in die lug, gereed om my in die rug te steek. Ek het my wysvinger na hulle gerig en hard geroep: "In the name of Jesus Christ you will not touch me!" Hulle het die wapens laat sak, na my gestaar in 'n uitdrukking van totale skok en op die vlug geslaan.

In die gedig is daar talle geografiese verwysings na Kaapstad. Die nag is tekenend van *verrotting* en geweld (*die lug is blou gekneus/ soos 'n bloukol wat verkleur*) en die spreker roep 'n naam wat soos 'n *vuurklip/ uit my mond vlieg*. Die getuienis van redding word allegories uitgebeeld in terme van bekende geestelike verwysings: die *bloed teen kosyne* dien as simbool van beskerming teen onheil (Eksodus 12:23); die *vlamme/ oor die Twaalf Apostels se nekke* is 'n geografiese merker van die bergreeks in Kaapstad en verwys ook na die vuurtonges tydens die uitstorting van die Heilige Gees. Die Redder is gejaagd, Hy storm en is woedend oor die gevaar waarin die spreker verkeer (*driftig soos 'n bruidegom/ met 'n kleed van weerlig/ oor die skouers*). Ten slotte slaan die drie rowers op die vlug voor *die dertien letters* van die naam, Jesus Christus.

Die afsluitingsgedig is getiteld "Moya ungwele" – die Xhosawoord vir Heilige Gees. *Moya* het talle betekenismoontlikhede, ondermeer asem, wind, lug, siel en

gees. In die gedig word die Drie-eenheid gemetaforiseer as 'n Wolfhondtrop, met die Vader as *Alphawolf*, Christus as *die Sigbare* en die Heilige Gees as *Ritseling*. Die fokus val hier egter op die Gees, wat ook beskryf word as 'n *murmelsee* en wind, as suurstof, 'n ligte reëntjie, asem en stilte.

Ben Okri - skrywer van fiksie, sosiale aktivis, digter en deeltydse dosent in Kreatiewe Skryfkuns by Cambridge Universiteit - kom oorspronklik van Lagos, Nigerië en woon as jong kind in die agterstrate van London. In *A way of being free* skryf Okri: "Sometimes the creation of a beautiful thing in a broken resentful age can be an affront to the living" (1997:65). Wanneer ek in die "Groeikrag"-afdeling oor die skoonheid van Afrika dig, is dit meermale as reaksie teen alledaagse brutaliteit en lyding. Skoonheid is 'n aanklag teen wreedheid. Hoop is revolusionêr. Dit staan nie buite realiteit nie, maar ontbloot en verken 'n bedekte realiteit van genade, genesing en vervulling te midde van dreigende onheil. Hierby sluit Ricoeur aan wanneer hy skryf: "Admiration says, the world is good, it is the *possible* home of freedom; I can consent. Hope says: the world is not the *final* home of freedom; I consent as much as possible, but hope to be delivered of the terrible and at the end of time to enjoy a new body and a new nature granted to freedom" (1990:50) (Ricoeur se kursief).

5. DIGTERLIKE INVLOEDE

5.1. Die invloed van letterkunde

Elke gedig begin as 'n ontmoeting tussen gedigte, gebeurtenisse, persone en plekke waaraan ons poëtiese waarde heg. Só argumenteer Harold Bloom in *A map of misreading*: "If we have been ravished by a poem, it will cost us our own poem. If the poetic self in us loves another, it loves itself in the other... [Poems] are necessarily about *other poems*; a poem is a response to a poem, as a poet is a response to a poet, or a person to his parent. Trying to write a poem takes the poet back to the origins of what a poem *first was for him*, and so takes the poet back beyond the pleasure principle to the decisive initial encounter and response that began him" (1975:18) (Bloom se kursief.)

Die twee digterlike energieë wat my benadering tot Afrikaanse digkuns ten diepste beïnvloed het, ontgin albei die ruimte van die bonatuurlike deur middel van woord én beeld. By sowel Breyten Breytenbach (skilderdigter) as Sheila Cussons (digter en etsers) vind ons in bundel na bundel die behoefte om met die tydlose te kommunikeer.

Breytenbach skryf poësie vir die oog. Dit is veral die metamorfiese aard van sy digkuns wat tot my spreek: die konsep van vrye vlug; die skepping van 'n ruimte vir spontane assosiasie en intuïtiewe oriëntasie; die proses van wording en beweging; die geloof dat alle lewensvorme oor wisselende funksies en betekenis beskik. Hierdie benadering lê na aan die hart van Surrealisme. Só spekuleer Roland Barthes in *Mythologies* oor die konsep van *betekenis* in Surrealisme: "I have here before me a collection of objects so lacking in order that I can find no *meaning* in it. It would seem that here, deprived of any previous meaning, myth is impossible. But what the form can always give one to see is disorder itself: it can give a signification to the absurd, make the absurd itself a myth. This is what happens when common sense mystifies Surrealism. Even the absence of motivation does not embarrass myth. Finally the absence of motivation will become a second-order motivation, and myth will be re-established" (1973:26).

In 'n poging om die onverklaarbare te verklaar, herskep én vergroot Breytenbach die werklikheid deur middel van 'n eie mitologie. Deur die gebruik van surrealistiese beelding buit hy die jukstaponeering van onverwagse beelde uit. Hy

lewer 'n alternatief vir die bloot rasionele belevens van realiteit. Hy volg 'n metafisiese middeweg.

Self vind ek egter nie aanklank by Breytenbach se politiese betrokkenheid en sy beheptheid met die makabere, skatologiese en vernietiging, ontbinding en uitskeiding nie, selfs al impliseer hierdie verskynsels groei. Dit is die gevoelige sintuiglikheid van Breytenbach se liefdesverse – veral in die versamelbundel, *Lady one*, opgedra aan Ngo Thi Huang Lien – wat my lewenslank sal bybly.

Hoewel Sheila Cussons haar rig tot 'n breë verwysingsnetwerk met talle kollektiewe simbole van historiese, musikale, legendariese, mitologiese en artistieke aard, vorm Misticisme die vernaamste stramien van haar poësie. Die begrip “mistiek” wys heen na eenwording met God en gaan dikwels gepaard met die drang tot afsondering, asook om geheel en al opgeneem te word in die goddelike. Telkens keer ek terug na die keur uit Cussons se religieuse gedigte, 'n *Engel deur my kop*. Van haar het ek die persoonlike Jy-aanspreekvorm van Christus gekry. Geen gedig in Afrikaans het my waarskynlik dieper getref as “Christ of the burnt men” nie.

Bloom is van mening dat die digter nie sy of haar invloede kan kies nie, op dieselfde wyse as wat geen persoon 'n vader kan kies nie. Hy herinner veral jonger digters aan die noodsaaklikheid daarvan om 'n outentieke stem te behou: “*Protection against stimuli is an almost more important function for the living organism than reception of stimuli*” (1975:13) (Bloom se kursief).

5.2 Die invloed van visuele kuns

In my werk beskou ek die wisselwerking tussen beeld en woord as 'n gelyke uitlewing van dieselfde kreatiewe energie. My skilderkuns en beeldhouwerk val binne die Surrealistiese tradisie en is hierom narratief, terwyl my poësie gekenmerk word deur kleurbeskrywings wat 'n visuele karakter daaraan verleen.

As student in Beeldende Kuns aan die Universiteit van Pretoria het ek in 1998 'n houtbeeld gemaak van 'n gekruisigde meisie met 'n oopgekloofde rug en 'n rugstring van vlakvark tand. Sy is getiteld "karkaskaal" en is gebeitel uit 'n jakarandastomp wat ek in een van Pretoria se prostitusie-strate opgetel het. Sy tree op as die slagoffer van seksuele geweld in "vrugloos": *Pretoria is 'n pers pappery/ onder die bome*. Later dien hierdie beeld as prikkel vir die titel van die gedig "karkaskaal".

Ander gedigte wat melding maak van visuele kuns is onder meer "verse", wat praat van *die beesklok in my stadshuis, / vasgesweis aan die ploegstoel wat ek vir Pa gemaak het*. Dit verwys na 'n honneurskunswerk getiteld "My ploegman se troon" en bestaan uit 'n ploeg wat in 'n stoel omskep is met 'n beesklok as deel van die kopstuk. Ook "waar lewe is, daar is water" verwys na beeldhoukuns: *ek giet my eerste bronsbeelde*. 'n Beeld word gemaak uit miershoopklei in "klei" en in "die herfshuis" *skets ons by herhaling* in die wasem teen die ruit. "Oerklip", "turksvy" en "kliktaalmense" maak melding van rotstekeninge, terwyl die spreker in "Ewenaar" *koes vir die son/ in my oë/ soos 'n burger van Calais* – 'n heenwysing na Auguste Rodin se bekende beeldhouwerk, "Die burgers van Calais."

Binne die Surrealistiese beweging vind ons 'n besondere wisselwerking tussen skilders en digters wat mekaar se werk illustreer of toedig. Surrealisme wil dit hê dat kuns en woordkuns in die dieptes van die mens, die wonderbaarlike (*le merveilleux*), ontstaan. Ek is gefassineer deur hierdie spel tussen werklikheid en bowerklikheid (*surréalisme*), die ontginning van die *élan vitale*, die intuïsie en die soeke na 'n droomsfeer, *mystère* of geheim.

Uit die voorafgaande is dit verstaanbaar dat die vrye vers die surrealistiese voorkeurvorm is. Daar is ook vir my 'n sekere aantrekkingskrag in die verwerping van die punktuasiereëls, die verstoorde sintaksis, die weglating van 'n selfstandige

naamwoord en die uitkakeling van “soos” by die vergelyking of metafoer. Die uitdaging is egter om uit Surrealisme te neem wat nuttig is, maar te waak teen die swak punte: die geneigdheid tot 'n oordrewe subjektiwiteit en privaattaal; die metafisiese benadering wat dikwels in só 'n mate tussen die hede en verlede spring, dat dit die leser se aandag verloor. Ek het ook 'n afkeur aan Surrealisme se ontginning van die grusame en geweldadige, die gedistorteerde liggaam en ander nagmerriekwaliteite.

'n Tweede kunsbeweging waarmee my gedigte in gesprek tree, is die sogenaamde Naïewe kuns. Naïewe kunstenaars volg meestal 'n landelike bestaan, daarom vind ons trekke van die folkloristiese, religieuse, instinktiewe, emosionele, narratiewe, outobiografiese en primitiewe in hul werk. Hierdie kunstenaars staan ook as Neo Primitiviste of Moderne Primitiviste bekend, maar Natalia Brodskaja motiveer haar voorkeurbenaming as volg: “The word 'naïve', which implies naturalness, innocence... inexperience, trustfulness... has the kind of descriptively emotive ring to it that clearly reflects the spirit of such artists” (2000:19).

Naïewe kuns impliseer 'n romantiese en eksotiese beskouing van die wêreld en van die self. Hier dink ek aan Russiese skilders soos Niko Pirosmeni en Ivan Generalic of die Fransman Henri Rousseau, wie se werk tematiese ooreenkomste met my gedigte toon: die ondeurdringbare woude, oeswerkers, bowêreldse herders op berge, maanverligte nagtonele, musikante, dorpsfeeste en tradisionele artefakte uit die alledaagse plattelandse lewe. Naïewe kuns is egter nie altyd “naïef” nie. Ons vind ook oorlogstonele en slagvelde, verwaarloosde en waansinnige mense. Dit is egter die Naïewe kunstenaars se uitbeelding van 'n ongerepte, mitologiese ruimte wat ek veral in die afdelings “Oesjaar” en “Groei-krag” raaklees.

6. VERSTEGNIESE BENADERING

In *Mythologies* vra Roland Barthes: "What is the characteristic of myth? To transform a meaning into form" (1969: 131). Myns insiens is bome en diere 'n voorbeeld van betekenis wat getransformeer word in die vorm van poëtiese betekenis.

Daar is universalisering op die gebied van mitologie. Diere van Afrika wat 'n mitologiese funksie in my gedigte vertolk, vereis van die leser om te vra: Waarom word hierdie dier gebruik? Waarvan is dit verteenwoordigend? By nadere ondersoek sal dit blyk: die nagapie is 'n simbool van sorgvryheid, die ystervark van onskuld (met *oorskulpies soos 'n kind*), die waterbok van beskerming, die gemsbok van solidariteit en die melkkoei van bekendheid. In teenstelling met die rooijakkals, luislang en leeu, is die luiperd en jagluiperd ironies genoeg nooit draers van gevaar nie, maar hulle is altyd geheimsinnig. Ook die vuur en sy verwante word nooit as destruktiewe kragte uitgebeeld nie.

Barthes waarsku: "You destroy a myth, either by making its intention obvious, or by unmasking it: the former is cynical, the latter demystifying" (1969:128). In 'n poging om nie voor die hand liggend te wees nie, funksioneer die genoemde diere in my gedigte dus as anonieme boodskappers. Dit betrek 'n hele aantal konsepte:

- Die digter vermy herkenning.
- Die digter identifiseer haarself met die totemdier.
- Die dier is 'n simbool van sosiale beskouing: die verskil tussen die beeld wat die digter van ander koester en die gemeenskap se persepsie van hulself.

Metaforiese beelde wat gebruik word, staan oënskynlik los van mekaar, maar deel wel 'n gevoelsband. Beeldryke taal kom (waarskynlik vanweë my visuele kunsagtergrond) spontaan by my op en ek moet teen beeldverwarring waak. Ek moes leer om metafore uit dieselfde semantiese veld te kies. Dit doen ek deur beeldkongruensie toe te pas en 'n groter bewustheid van verstegnieke soos bindingsmiddele aan te kweek.

Rym is onopvallend aangewend. Verskuilde rym wat gedigte tot 'n organiese eenheid bind, is onder meer *onderbas broos ontbloot, rinkink in klinkende taal en skril met trillende keel*. Die enigste gedig wat 'n vaste rymskema en vorm

handhaaf, is die distigon "Oerklip".

Die herhalingstegniek word telkens aangewend. Die volgende refreine word aangetref: *waar lewe is, daar is water, die stofstrate is blink gevee; jy ken die paadjies na my plek, Nomvula, Nomvula, kom speel met My, in die nag het ek Jou naam geroep.*

Soms is tipografie aangewend om 'n sinsbetekenis te bevestig. In "voor-beeld" word die frase (*Mutti klein/ grondboontjiebruin/ in die dopskulp/ van jou vlerk*) doelbewus tussen hakies geplaas om die vorm van 'n dop na te boots. Deur die versreël - *jou vlerkspan om die plaas* - tussen aandagstrepe te plaas, word die vorm van twee uitgestrekte arms gesuggereer. In "spoor: 'n inisiasie", word die woord *sand...* gevolg deur die elips om sodoende die visuele indruk van korrels te skep.

Bekende idiomatiese uitdrukkings kom selde in die teks voor en dan wel in 'n nuwe konteks. So speel die idioom, *gryp na los halms gras in op pleit vir weiding*. Die uitdrukking "jou brood en botter verdien" word *die brood... gebotter met bloedsweet*. Ook loop die boer deur die *murg en been van sy grond*. Verder gebruik ek volksidiome uit Ndebele, Zoeloe, Sepêdi en Basotho, omdat die kernkragtigheid en spontaniteit die uitdrukkings as outonome poësie laat funksioneer. Verallyn in die "Vyf odes aan die onbekende meisie wat vyf jaar gelede verkrag is", het ek die Sepêdi-segs wyses nuttig gevind in die dialoog tussen karakters. Sodoende kan die mense van Afrika "namens hulself" praat.

'n Versteegniese verskynsel wat besonder algeneem in die gedigte voorkom, is personifikasie: die *klossiegras onthou, vuurhout huil, stofwolke lek, 'n dennewoud slaap soos 'n klip, borste staar blind, bome is skaterend en krom soos vroue wat vuurhout dra, die klip is sonder verstand, die springbokkies skaterlag, die aalwyn lek die soutpan, 'n boom gryp onhandig, die moeras sing, die son vlieg, die maan is swanger en kraam sterre.*

Dit blyk ook dat woordspelling 'n versteegnies is wat gereeld opduik: die *melkkoei is horingoud; verskalwers en verse; baarmoermense en bar, pensmis en menspis; klasregisters en gisters; mansdom se dom mans; lawe met lawwe gelag; die neuteboord was boordensvol; die vieruurson brand vuurpatrone; 'n*

boogskutter wat bogpraat; bouvallige geboue; die(s)meer; oesters word geoes; stapel skulpe en stapelkos; pap en papaja; klein kleipotte; lig verskeur die lug. In “ontskulp” vind ons dié dubbele woordspel: *die gawe/ van jou gaaf gevormde/ helende lende.*

'n Medium wat ek graag meer dikwels wil ontgin, is die paradoks. In dié teks is daar maar enkele voorbeelde: *'n maandief in Sunnyside, bibberende hittegolwe, droë water, die klippe val boontoe, 'n wolk wit vlamme waai en ons ruik reën/ al is hier geen/ wolke nie.*

Sekere frases in “vrygeborene” kan sowel terugwerkend as vooruitwerkend funksioneer: *huiwerende handgebaar* kan sowel by *terwyl die boord hoog swanger staan as stamel en vertel hy ook van sý geboorte* tuishoort. Dit skep 'n speelse teenspraak. In die gedig “verse” kan die frase *op dae van sappige stingels* op 'n soortgelyke wyse aansluit by *luister hoe 'n trop nat sterte swaai en staan die weiding heuvelhoog.* As gevolg van die afwesigheid van leestekens in “die slaapbroek”, kan die frase *in ons huis ewe* effektief gelees word saam met *die geweld hang vretend as by lê die nasmaak.* Ook in “die herfshuis” kan die versreël *buite ons huis* by beide *Storm en Skemer én blom die papierdoringboom* tuishoort. Op dié manier word die paradoksale vooropgestel.

Omdat ek soms met 'n drom ritme hou terwyl ek skryf, geniet die musikale voorrang in party gedigte. Volgehoue ritme word in die “Namib”-reeks aangetref, veral in “Stof” waar die ritme van die sebra se hoewe vergelyk word met swaarweer en geëggo word in die hartklop van die man.

Ander invloede in my werk is antropologie, argeologie, landboukunde, dierkunde, plantkunde, geobotanie en entomologie. Wanneer ek die natuur in 'n gedig betrek, maak ek sonder uitsondering van vakkundige boeke gebruik. Vir *die vloedbos sal weer vlieg* het ek telkens teruggekeer na boeke oor die natuurlewe van Sub-Sahariese Afrika om sodoende die natuurkennis vakkundig getrou aan te wend. So vind ons in “die warm bergwind van jou naam” die volgende werklike eienskappe van bome: 'n kalender dra geel vrugte wat gevreet word deur vlermuise, 'n vlierboom se stam is wit en die kamassie het vierkvormige sade.

Deur die gebruik van metaforiese taal, vind ons 'n voortdurende soeke na 'n

moontlike wêreld, 'n eie mitologie, 'n nuwe beelding. 'n Metafoor bring kategorieë saam wat voorheen vreemd was vir mekaar, sodat die huidige kategorisering van taal verskuif kan word deur die proses van assimilering - een voorwerp neem 'n ander voorwerp se eienskappe oor, al lyk dit in die eerste instansie asof hulle nie saamhoort nie. In "As Jy weer hierlangs kom" het ek die botaniese feite direk getransponeer na die karakters van die gedig: die apiesdoring se *grysgeel groefstam* word die kleur van die boer se gesig. Hierdie boom groei op *klipperige heuwels* (waar die werfvrou woon) en die dorings is gekrom en *persbruin* (soos haar japon). Die peule van die apiesdoring is oopspringend (soos haar oë) en die blomme is *persrooi* en gekelk (soos die rokke van die plaasmeisies.) Die hout word gebruik vir *heiningpale* (wat outata kap) en nyala's en renosters vreet graag die blare.

In "Nomvula, Nomvula, kom speel met My" dien die kameeldoringboom as metafoor vir die verhouding tussen God en mens, maar ook hier is korrekte natuurfeite betrek: die blare van dié boom is werklik veervormig en die blomme geel; dit is goeie vuurhout; koedoes vreet graag die grys peule en kewers en hemelskolbloutjie-vlinders broei in die saad wat gerooster word vir koffie (*wat na roosterkoffie ruik*).

Verstegnies wissel die gedigte van die liriese tot die metafisiese. Daar is talle mitologiese verwysings en soms word surrealistiese spronge gemaak. Die verhaalvers is betekenisvol, omdat dit werklike gebeure uitbeeld, maar dit verklaar egter nie om lewensgetrou te wees nie. Hoewel die wonder van die natuur besing word, dien dit meermale as agtergrond of inleiding vir die "werklike" gedig of as ruimte vir 'n onvermoeide toegang tussen die aardse en bo-aardse. In hierdie versameling vind ons egter geen voorbeeld van die tradisionele natuurdig nie. Gedigte wat inspeel op die hedendaagse Suider-Afrikaanse landskap, wil 'n illusie van toeganklikheid by die leser skep.

7. SAMEVATTING

Die gedigte in *die vloedbos sal weer vlieg* is vol gesprekke: tussen die lewendes en die dooies; die hede en die verlede; tussen verskillende kulture en tale; tussen man en vrou; tussen mens en God; tussen persoonlike mitologie en Afrika-mitologie. Dit is poësie wat ontspring uit hierdie kontinent (wat ook sy bloedbande met ander kontinente het) en uit die verlore gaande landelikheid, waarin die digter soos 'n spoorsnyer beweeg en alles om haar lees.

Talle invloede word in die gedigte geïdentifiseer, waaronder die plek van herkoms, die biologiese en digterlike voorouers, visuele kuns, geestelike, die reismotief, die lyding van ander en die rykdom van die natuur. Oor die waarde van die natuur vir die digter skryf Rainer Maria Rilke in *Letters to a young poet*: "If you trust in Nature, in what is simple in Nature, in the small Things that hardly anyone sees and that can so suddenly become huge, immeasurable; if you have this love for what is humble and try very simply, as someone who serves, to win the confidence of what seems poor: then everything will become easier for you... in your innermost awareness, awakes, and knowledge" (1984:33,34).

Ons het gekyk hoe daar in "Oesjaar" 'n self-standvastigheid gevind word in die *ipse*-betekenis van narratiewe identiteit. Dit stel my in staat om die uitdrukking van meelewing, "hier is ek", te uiter en myself sodoende aan die leser beskikbaar te stel.

In die "Karkaskaal"-afdeling is dit veral deur die formulering en aanbieding van pyn in die verhalende versvorm waarmee die lot van die slagoffer van geweld verander word. Daar is 'n sterk behoefte om die donker geheim óop te skryf, sodat die Verlosser-argetipe op die toneel kan verskyn en die noodsaaklike inisiasie kan plaasvind.

Die medereisigers in die afdeling "Ewenaar" is ook geliefdes en die ontwaking van sensuele sintuie word telkens tematies ontgin. Die dinamika van die huwelik word weergegee as een van balans en vryheid wat, ironies genoeg, juis in éénheid geleë is.

"Groekrag" ondersteun Paul Ricoeur se filosofie van narratiewe hoop, oftewel

“passion for the possible.” Mitologiese en metaforiese taal word as gunstige werktuie vir Hoop beskou, omdat dit moontlikhede in realiteit ondersoek wat voorheen onmoontlik gelyk het: “Man is founded, at the heart of his mythicopoetic power, by a creative word. Is not The Good News the instigation of the *possibility* of man by a creative word?” (1978:238) (Ricoeur se kursief).

Die woord “vloed” roep assosiasies op met oorvloed én herinner aan 'n menigte of 'n skare – 'n “vloed” van mense. Om te verklaar dat die vloedbos weer sal vlieg, is 'n profetiese uitdrukking van Hoop, 'n verwagting dat die wonder van Hoop 'n gemeenskap weer sal laat “vlieg”. Dit is my begeerte om woorde van Hoop te bring - van vryheid, vrede, genade en genesing, sónder om die lyding van hierdie wêreld te ontken. As digter lewe ek nie in isolasie nie. Kinders met Vigs het op my skoot geurineer; ek het geslaap in die hut van 'n vrou wat aan malaria sterf en 'n epilepsie-leier met 'n rougebyte tong; 'n slagoffer van verkragting het in my hande naer geword; ek het mense sien knak onder droogte en lydende diere versorg en doodgemaak; ek het geweld gesien en gevoel aan my eie lyf. Pyn is draaglik wannere mens dit kan verlig. Wat ondraaglik is, is wannere ons niks kan doen nie – behalwe om te skryf. “A work of art is good if it has arisen out of necessity”, skryf Rilke (1984:9).

Pyn is egter nie die grootste impuls vir my digkuns nie. Dikwels in my skakeling met mense, in my verhouding met God, in my uitlewing van kuns en eenwording met die natuur, is indrukke van skoonheid en vervulling só oorweldigend, dat dit verwoord móet word. Om hierdie rede is Rilke se raad nuttig: “Go into yourself. Find out the reason that commands you to write; see whether it has spread its roots into the very depths of your heart; confess to yourself whether you would have to die if you were forbidden to write. This most of all: ask yourself in the most silent hour of your night: *must* I write?” (1984:6) (Rilke se kursief).

Hierom dig ek. Hierom sal ek aanhou dig.

8. BIBLIOGRAFIE

Barthes, Roland. 1973. *Mythologies*. Brittanje: Jonathan Cape Ltd.

Bloom, Harold. 1975. *A map of misreading*. New York: Oxford University Press.

Boothby, Richard. 1991. *Death and desire - a psychoanalytic theory in Lacan's return to Freud*. New York: Routledge.

Brodskaja, Natalia. 2000. *Naïve art*. New York: Parkstone Press.

Buckley, Vincent. 1968. *Poetry and the sacred*. London: Chatto & Windus.

Cirlot, J. E. 1962. *The dictionary of symbols*. New York: Philosophical library.

De Vries, A. D. 1974. *Dictionary of symbols and imagery*. Amsterdam: North-Holland Publishing Company.

Die Bybel. 1983. *Die nuwe vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Estés, Clarissa Pinkola. 1992. *Women who run with wolves*. London: Rider.

Fraser, Robert. 2002. *Ben Okri: Towards the invisible city*. Devon: Northcote House.

Kearney, Richard. 1984. *Poétique du possible: Phénoménologie de la figuration*. Parys: Beuchesne.

Odendal, F.F. en Gouws, R.H. 2004. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.

Okri, Ben. 1997. *A way of being free*. London: Phoenix house.

Ricoeur, Paul. 1969. *The symbolism of evil*. Boston: Beacon press.

Ricoeur, Paul. 1978. *The philosophy of Paul Ricoeur – an anthology of his work*. Boston: Beacon Press.

Ricoeur, Paul. 1980. *Essays on Biblical Interpretation*. Philadelphia: Fortress press.

Ricoeur, Paul. 1981. *Hermeneutics and the Human Sciences: essays on language, action and interpretation*. Cambridge: Cambridge University press.

Ricoeur, Paul. 1984. *Myth as bearer of possible worlds* in "Dialogues with Contemporary Continental Thinkers". Manchester University press: Manchester.

Ricoeur, Paul. 1988. *Time and narrative – volume 3*. Chicago: University of Chicago press.

Rilke, Rainer Maria, vertaal deur Stephen Michell. 1986. *Letters to a young poet*. New York: Vintage books.

Stander, Carina. "Koerant". E-pos aan Joan Hambidge. 28 Februarie 2005.

Strong, J. 1996. *Enhanced Strong's lexicon*. Ontario: Woodside Bible fellowship.

Vanhoozer, Kevin J. 1990. *Biblical narrative in the philosophy of Paul Ricoeur – a study in hermeneutics and theology*. Cambridge: Cambridge University press.